

DIE KOOPMAN VAN  
VENESIË

WILLIAM SHAKESPEARE

VERTAAL DEUR  
*D. F. MALHERBE*





## PERSONE

DOGE VAN VENESIË

PRINS VAN MOROKKO } minnaars van Portia.  
PRINS VAN ARRAGON }

ANTONIO, 'n koopman van Venesië.

BASSANIO, sy vriend, minnaar van Portia:

SALANIO

SALARINO

GRATIANO

SALERIO

} vriende van Antonio en Bassanio.

LORENZO, verlief op Jessica.

SHYLOCK, 'n ryk Jood.

TUBAL, 'n Jood, sy vriend.

LAUNCELOT GOBBO, harlekyn, bediende van Shylock.

OU GOBBO, vader van Launcelot.

LEONARDO, bediende van Bassanio.

BALTHAZAR

STEPHANO

} bediendes van Portia.

PORTIA, 'n rykgeërfde jonkvrou.

NERISSA, haar geselskapsjuffer.

JESSICA, dogter van Shylock.

Edelmanne van Venesië, beamptes van die geregshof, sipier, bediendes van Portia en ander gevolg.



## BEDRYF I.

### *Toneel 1. Straat in Venesië.*

*Antonio, Salarino en Salanio kom in.*

*Antonio:* Weet regtig nie wat my so somber maak: vir my net so vervelend soos vir julle; maar hoe ek dit gekry 't of waar ek dit vandaan 't, van watter maaksel dit mag wees of waar dit uit ontstaan 't, sou ek wil weet. En hierdie stemming maak my so onnosel dat ek myself met moeite skaars nog ken.

*Salarino:* Jou hart is mee aan skommel op die see waar jou koopvaarders deftig seilgetooi — soos here en ryk burgers op die waters of, as't ware, in praalvertoon op see — hoog uitsteek bo die klein vragbote wat vir hulle hofflik buig in eerbetoon as hulle verbyvlieg met geweefde vlerke.

*Salanio:* Glo my, meneer, as ek soveel gewaag het, dan sou my hart se beste deel daar vèr by al my wense en verwagting wees. Steeds sou ek gras pluk om die wind te voel, in kaarte soek na hawens en ankerplekke en enigiets wat onheil spel vir wat ek onderneem 't, sou my in alle waarheid neerslagtig maak.

*Salarino:* My asem wat 'k my sop mee koel blaas, sou my kouekoors gee as ek moes dink aan skade wat 'n kwaai wind op die see kon aanrig. Sien ek die sandglas loop, dan sou ek dink aan vlakplek en aan sandbank en sien my ryke Andrea vasgeval

<sup>1</sup>Bassanio, Antonio, Jessica en dergelike eiename word uitgespreek, soos ook in die oorspronklike, met twee heffinge of een heffing al na die vereiste van die versmaat.

in sand, sy mastop laer as sy ribbe  
gebuig om sy grafplek te soen. Gaan ek  
na kerk en sien die heilige klipgebou,  
meteens sou voor my gees staan duiwelse rotse  
wat net my kwesbare vaartuig aan die kant  
moet raak om al sy speserye op  
die vloed te strooi, die bruisende waters te klee  
met my systowwe. En dit is kort gesê,  
een oomblik ryk en pas daarna brandarm.  
Sou ek hieraan kan dink sonder te dink  
dat so'n gebeurde my terneer sou druk?  
Maar wat nog praat: ek weet wel goed, Antonio  
word swaar gedruk deur kommer om sy koopwaar.

*Antonio:* Volstrek nie, nee; daarvoor dank ek  
my welvaart.

My koopwaar is nie toevertrou aan net  
een enkele skip nie of een enkele plek;  
ook hang my hele besit nie af van wins  
wat my vanjaar mag toeval; en daarom is  
die koopvaart nie die grond van my bedruktheid.

*Salarino:* Dan is jy seker verlief.

*Antonio:* Nee! Foei!

*Salarino:* Ook nie verlief nie? Dan is jy sleg  
geluim  
omdat jy sleg geluim is, en heel maklik  
sou jy kan lag en spring en sê, jy is  
plesierig omdat jy so voel. Voorwaar,  
by tweekop-Janus, die lewe gee snaakse kêrels  
te sien: party sal altyd gluur en lag  
soos papegaaie vir 'n doedelsakblaser,  
en ander weer is so asynsuur van  
gesig, dat hulle nooit by glimlag selfs  
die tand ontbloot, al sweer ook vader Nestor,  
die grap is werd om lekker oor te lag.

*Salanio:* Hier kom Bassanio, jou edele bloed-  
verwant,

Gratiano en Lorenzo. Ons neem nou afskeid,  
graag wil ons jou in beter geselskap laat.

*Salarino:* Ek sou nog langer gebly het totdat ek  
jou opgebeur 't, as beter vriende my  
nie voorgespring het nie.

*Antonio:* Jy staan hoog in  
my agting; ek glo daar is wel sake wat  
jou roep en dat die oomblik jou wel pas  
om te vertrek.

*Bassanio, Lorenzo en Gratiano verskyn.*

*Salarino:* Goeiemôre, goeie here.

*Bassanio:* My goeie kêrels, wanneer lag ons,  
wanneer?

Julle word glad vreemd, julle twee; moet julle  
dan gaan?

*Salarino:* Ons sal ons skik soos dit vir julle pas.

*Salarino en Salanio uit.*

*Lorenzo:* Waar jy Antonio het, my heer Bassanio,  
laat ons twee julle alleen; onthou tog net,  
waar ons mekaar ontmoet by etenstyd.

*Bassanio:* Ek sal daar wees.

*Gratiano:* Jy lyk bedruk, meneer Antonio;  
jy neem die lewe veels te ernstig op,  
van veel bekommernis word dit 'n las.  
Dis seker, jy is glad 'n ander mens.

*Antonio:* Ek skat die lewe soos dit hoort, Gratiano;  
die plek waar elke mens sy rol moet speel,  
maar myne 'n treurrol.

*Gratiano:* Ek speel die nar se rol:  
laat oumens-plooie kom met lag en pret;  
laat eerder wyn my lewer warmte gee

as dat my hart verkleum van kwel en kreun.  
Waarom sal 'n man met warm bloed in sy are  
net soos sy oupa sit, reg houtpopstyf?  
Of slaap by wakker word, en van misnoeë  
die geelsug kry? Ek wil dit sê, Antonio —  
en dis uit liefde vir jou dat ek dit sê —  
daar's mense met gesigte streng en strak  
soos staande water wat met slym bedek is;  
hulle swyg met voorbedagtheid om beskou  
te word as wys, gewigtig en diepdenkend,  
soos een wat sou wil sê: „Ek is meneer  
die Orakel, laat alles swyg wanneer ek praat”.  
My goeie Antonio, ek ken van hulle wat  
as wys beskou word net omdat hulle swyg,  
en tog ek glo dit vas, as hulle sou praat,  
sou die wat hoor, vir hulle dwase noem  
(en so die straf moet dra, wat daarop volg.)  
Ek sal jou later meer hiervan vertel.  
Maar moet tog nie jou somber lokaas uitgooi  
vir hierdie dwaas van 'n slymvis, hierdie mening.  
Lorenzo, kom. Tot weersiens sê ek julle:  
ek sal my wyse raad na ete eindig.

*Lorenzo:* Ons sal julle weer by etenstyd ontmoet:  
ek is maar een van hierdie wyse swyers,  
want Gratiano gee my nooit 'n kans.

*Gratiano:* Nou ja, as jy nog twee jaar met my  
maats is,  
sal jy jou tong se eie geluid verleer.

*Antonio:* Tot siens: jou raad sal my spraaksamig  
maak.

*Gratiano:* Nou mooi! want net gedroogde bees-  
tong mag  
die stilte bewaar.

*Lorenzo en Gratiano uit.*

*Antonio:* Sê watter sin is daarin?



*Bassanio:* Gratiano praat vragte onsin, meer as enigeen in Venesië. Die inhoud van sy woorde is soos twee koringkorrels in twee boesels kaf; jy sal 'n hele dag soek om hulle te vind; en as jy hulle het, is hulle die moeite nie werd nie.

*Antonio:* Kom nou, vertel my wie die dame is vir wie jy op jou erewoord beloof het om in geheim besoek te bring — jy het vandag beloof om dit vir my te sê.

*Bassanio:* Antonio, jy weet dit al te goed hoe ek my geld laat krimp het deur 'n skyn van veel meer welgesteldheid te bewaar as wat my klein vermoë kon verdra. Ook kla ek nie dat ek my lewenspeil wel deeglik moet laat sak. Wat my meer kwel, is hoe om eerbaar uit die skuld te kom waartoe ek my verplig het deur te veel spandabelheid. Aan jou, Antonio, skuld ek die meeste, in geld en ook in liefde, en jou geneentheid gee my wel die reg om al my planne aan jou bloot te lê, hoe ek skoon vry kan raak van al my skulde.

*Antonio:* Ek vra jou, goeie Bassanio, sê my dit; en staan dit op die weg van eerbaarheid, soos jy self nog altyd, wees dan versekerd: my geld, persoon, ja al wat ek besit, lê klaar vir jou om vry oor te beskik.

*Bassanio:* Toe ek 'n skoolseun was, het ek wanneer een pyl verlore raak, 'n tweede van dieselfde swaarte agternagestuur maar dopgehou sekuur waar hy beland, en so deur twee te waag dikwels albei gevind. Die kinderlike voorbeeld haal ek op, omdat die ding wat ek gaan sê, maar louter dwaasheid is. Ek skuld jou baie, en soos 'n seun, van moedswil vol, het ek

mooi al die geld verspeel, wat jy geleen het;  
maar as jy 'n tweede pyl dieselfde koers  
wil instuur soos die eerste, dan glo ek vas,  
(want ek sal dophou) dat ek albei vind  
of anders jou laaste inset weer terugbring  
en dankbaar jou die eerste skuldig bly.

*Antonio:* Jy ken my goed, en dis net tydver-  
kwisting

om so met ompad na my liefde te kom.  
Voorwaar, jy doen my nou meer onreg aan  
deur twyfel dat ek alles vir jou veil het  
as wanneer jy my hele besit vermors het.  
Kom sê dan nou wat ek vir jou moet doen,  
wat na jou wete ek moet onderneem;  
ek wag om jou te help — nou moet jy praat.

*Bassanio:* In Belmont is 'n dame ryk geërf;  
en sy is skoon en, skoner as die woord,  
vol wondere deug: haar oë het wel vroeër  
vir my gesê mooi woordelose dinge.  
Haar naam is Portia, niks minder sy  
as Cato se dogter, Portia van Brutus.  
Ook is haar waarde wêreld-deur bekend,  
want die vier winde dryf van elke kus  
af aan beroemde minnaars; en oor haar slape  
hang sonnige lokke soos 'n goue vlies  
wat Kolchos-strand maak van haar huis in Belmont,  
en baie Jasons kom om haar te win.  
My goeie Antonio, had ek net die geld  
om mee te ding om haar soos een van hulle,  
dan glo ek, soos my hart vooruitvertel,  
dat die geluk vir my versekerd is.

*Antonio:* Jy weet die golwe dra my hele rykdom,  
en ek het byderhand geen geld of koopwaar  
om nou 'n som te leen. Daarom kyk wat  
jy in die stad met my krediet kan uitrig:  
dit moet gerek word tot die uiterste

om jou die weg na Belmont glad te maak,  
na Portia, die skone. Gaan dadelik  
en kyk waar geld te kry is, soos ook ek.  
Om dit te hê, daarvoor sal ek wel sorg  
deur my krediet of my persoon as borg.

(*Uit.*)

*Toneel 2. Belmont. Kamer in die huis van Portia:*

*Portia en Nerissa kom in:*

*Portia:* By my siel, Nerissa, my liggaampie is  
sat van hierdie wye wêreld.

*Nerissa:* So sou dit wees, liewe juffrou, as jou  
teëspoed net so groot was soos jou voorspoed;  
en tog, sover ek weet, is die wat van oorfloed walg,  
net so krank soos die wat broodsgebrek ly. Dit is  
daarom meer as gewone geluk om tussen-in te staan;  
grys hare kom eerder deur weelde, maar betreklike  
welgesteldheid hou langer.

*Portia:* Goeie gedagtes en goed uitgedruk.

*Nerissa:* Hulle sou beter wees as hulle nagekom  
word.

*Portia:* As doen net so maklik was as weet wat  
goed is om te doen, dan sou kapelle kerke wees en die  
arme se hut die paleis van 'n prins. Dit is 'n goeie  
predikant wat sy eie moraal uitleef: ek kan eerder  
twintig mense leer wat goed is om te doen, as een  
van die twintig wees om my eie lesse na te kom.  
Die brein mag wette maak vir die bloed, maar 'n  
warm natuur spring oor 'n koue voorskrif. So 'n  
haas is die malle jeug dat hy oor die nette van wyse  
raad, die kreupele, spring. Maar hierdie manier van  
praat help my niks om 'n man te kies nie. Liewe tyd,  
die woord „kies"! Ek mag nie kies wie ek wil hê  
nie of weier wie ek nie van hou nie; so word die

sin van 'n lewende dogter beperk deur die sin van 'n oorlede vader. As dit nie swaar nie, Nerissa, dat ek nie een mag kies nie en niemand weier nie?

*Nerissa:* Jou vader was altyd deugsaam, en vroom manne het by hulle dood goeie ingewinge; daarom sal by die keuse wat hy beplan het met die drie kissies van goud, silwer en lood — dat naamlik die een wat die regte inhoud kies, vir jou kies — dit sonder twyfel so wees dat alleen hy wat jou regtig liefhet, reg sal kies. Maar voel jy aangetrokke tot enigeen van hierdie prinslike minnaars wat reeds gearriveer het?

*Portia:* Kom, noem hul name; en soos jy hulle noem, sal ek hulle beskrywe; en volgens my beskrywing kan jy my hart deursien.

*Nerissa:* Eerste dan, die prins uit Napels.

*Portia:* O, hy is 'n regte penkop wat net van sy perd praat; en dat hy die self kan beslaan, beskou hy 'n groot bykomende aanbeveling.

*Nerissa:* Dan is daar die Palatynse graaf.

*Portia:* Hy frons maar net, soos een wat wil sê: „As jy my nie wil hê nie, kies wie jy wil”. Hy hoor grappige dinge maar glimlag nie. Ek vrees hy sal die droewigste filosoof wees as hy oud word, waar hy in sy jeug al so stuitend serieuus is. Ek sou liever getroud wees met 'n doofshoof wat 'n been in sy mond het, as met een van hierdie twee; mag God my bewaar van hulle.

*Nerissa:* Wat dink jy van die Franse edelman, meneer Le Bon?

*Portia:* God het hom geskape en laat hom daarom deurgaans vir 'n man. Waarlik, ek weet dit is sonde om te spot, maar ai! hy het 'n beter perd as die Neapolitaan, 'n nog onuitstaanbaarder manier van

frons as die Palatynse graaf; hy is elke man in geen man; as 'n lyster sing, raak hy dadelik aan rondspring; hy sal skerm met sy eie skaduwee; as ek hom trou, sou ek twintig mans trou. As hy my sou verag, sou ek hom vergewe; want as hy dol verlief raak op my, sal ek hom nooit vergoed nie.

*Nerissa:* Wat sê jy van Falconbridge, die jong baron van Engeland?

*Portia:* Ek sê niks vir hom nie, weet jy, want hy verstaan my nie, en ek hom ook nie: hy ken geen Latyn, Frans of Italiaans; en jy sal 'n eed sweer dat my Engels skaars 'n oulap werd is. Hy is die beeld van 'n ware man; maar wie kan met 'n stomme gesels? Hoe koddig is hy gekleed! Ek dink hy het sy onderbaadjie in Italië gekoop, sy ronde kuitbroek in Frankryk, sy hoed in Duitsland, en sy maniere orals.

*Nerissa:* Wat sê jy van die Skotse edelman, sy buurman?

*Portia:* Dat hy die egte buurskap-gesindheid besit, want hy het 'n oorveeg van die Engelsman geleen en gesweer om dit terug te betaal wanneer hy daartoe in staat is. Ek dink die Fransman het borg gestaan en dit beseël dat dit vergoed sal word.

*Nerissa:* Hoe geval jou die jong Duitser, die neef van die hertog van Sakse?

*Portia:* Heel sleg in die môre as hy sober is, en slegste in die namiddag as hy dronk is. Is hy op sy beste, dan is hy bietjie slegter as 'n man, en is hy op sy slegste, dan is hy iets beter as 'n dier. En al mag die slegste gebeur, hoop ek om sonder hom klaar te kom.

*Nerissa:* As hy hom aanbied om te kies en dan die regte kissie tref, dan sou jy weier om jou vader se testament uit te voer, as jy weier om hom te neem.

*Portia:* Daarom, uit vrees vir die ergste, sit asseblief 'n groot glas Rynse wyn op die teenoorgestelde kissie, want as die duiwel binnekant is en daardie versoeking buitekant, weet ek, hy sal dit kies. Ek sal enigiets doen, Nerissa, voor ek met 'n suiplap trou.

*Nerissa:* Geen vrees, juffrou, dat jy een van hierdie here sal kry nie: hulle het my hul besluit meegedeel, naamlik om huis toe te gaan en jou nie meer lastig te val met hofmakery nie, tensy jy gewin kan word op 'n ander wyse as deur jou vader se voorskrif wat dit laat afhang van die kissies.

*Portia:* Al word ek so oud soos Sibylla, ek sal sterwe so kuis soos Diana, tensy ek gewin word volgens die testament van my vader. Ek is bly dat hierdie klompie hofmakers so verstandig is, want daar is nie een onder hulle na wie se afwesigheid ek nie vurig verlang nie; en ek bid dat God hulle veilig laat vertrek.

*Nerissa:* Onthou jy nog, juffrou, dat hiernatoe gekom het saam met die markies van Montferrat, toe jou vader nog geleef het, 'n Venesiaan, student en soldaat?

*Portia:* Ja wel, dit was Bassanio; so dink ek, heet hy.

*Nerissa:* In waarheid juffrou; van al die mans wat my simpele oë ooit gesien het, was hy die een wat eerste aanspraak het op 'n skone dame.

*Portia:* Ek onthou hom goed en onthou dat hy jou lof verdien.

*Bediende binne.*

*Portia:* Watter nuus is daar?

*Bediende:* Die vier gaste vra na u, edele, om afskeid te neem; en dan is daar 'n bode van 'n vyfde,

die prins van Morokko, wat tyding bring dat die prins, sy heer, vanaand hier sal wees.

*Portia:* As ek die vyfde net so graag kan verwelkom soos ek die ander vier sien vertrek, sou ek my verheug oor sy koms. As hy die inbors van 'n heilige het en die kleur van 'n duiwel sou ek liever sien dat hy my absolusie gee as trou. Kom, Nerissa. — Kêrel, loop vooruit. Sluit ons die deur op die een vryer, dan klop die ander al weer.

(*Almal uit.*)

*Toneel 3. Venesië. Plein.*

*Bassanio en Shylock kom in.*

*Shylock:* Drie duisend dukate — goed.

*Bassanio:* Wel, meneer, vir drie maande.

*Shylock:* Vir drie maande — goed.

*Bassanio:* Waarvoor, soos ek gesê het, Antonio borg is.

*Shylock:* Antonio sal borg wees — goed.

*Bassanio:* Kan jy my help? Wil jy 'n guns bewys? Mag ek jou antwoord hê?

*Shylock:* Drie duisend dukate vir drie maande en Antonio borg.

*Bassanio:* Jou antwoord hierop.

*Shylock:* Antonio is 'n goeie man.

*Bassanio:* Het jy al ooit iets nadeligs van hom gehoor?

*Shylock:* O nee, nee, nee, nee! Deur te sê dat hy 'n goeie man is, wil ek jou laat verstaan dat hy sterk genoeg staan. Tog word sy rykdom maar veronder-

stel: hy het 'n koopvaarder onderweg na Tripoli, 'n ander na Indië, en soos ek verder verneem op die Beurs, het hy 'n derde by Mexico, 'n vierde onderweg na Engeland — en ander skepe orals rondgestrooi. Skepe is egter maar planke, matrose maar mense; daar is landrotte en seerotte, waterdiewe en landdiewe, rowers bedoel ek; en dan is daar die gevaar van waters, winde en rotse. Maar nogtans is die man sterk genoeg. Drie duisend dukate — ek dink ek kan hom as borg neem.

*Bassanio:* Sonder twyfel kan jy.

*Sbylock:* Ek wil sekerheid kry dat ek kan; en om sekerheid te kry, sal ek daarvoor nadink. Kan ek met Antonio praat?

*Bassanio:* As jy saam met ons wil gaan eet?

*Sbylock:* Ja, om varkvlies te ruik; en te eet van die liggaam waar julle profeet die Nasareër, die duiwel in gejaag het . . . Ek sal saam met julle koop en verkoop en met julle praat, loop en so voort; maar nie saam met julle eet, drink of bid nie. Watter nuus is daar van die Beurs? Wie kom hier aan?

*Antonio kom in.*

*Bassanio:* Dit is meneer Antonio.

*Sbylock:* (*Tersy*) Die toonbeeld van 'n gedweë tollenaar!

Ek haat hom omdat hy 'n Christen is,  
meer nog omdat hy van onnoselheid  
geld uitleen gratis en die rentekoers  
hier in Venesië onder ons laat daal.

As ek hom een maal in my mag kan kry,  
sal ek my ou wrok teen hom vet gaan voer.

Hy haat ons heilige volk; dan spot hy ook  
selfs daar waar kooplui meeste bymekaarkom,  
met my, my welslae in die handel en  
my welverdiende wins wat rente heet  
by hom. Mag op my ras die vloek gaan rus,  
as ek hom ooit vergewe!



*Bassanio:* Shylock, hoor jy?

*Shylock:* Ek is aan reken hoe dit met my staan, en soos ek naastenby nog kan onthou, het ek nie dadelik die hele som tot my beskikking nie. Maar wat sê dit? 'n Ryk man van my ras, genaamd Tubal, sal my wel haak. Maar wag! vir hoeveel maande verlang jy dit? (*Teen Antonio*) Alle heil vir jou, meneer, jou hoogheid was die laaste in ons gesprek.

*Antonio:* Shylock, ek leen nie uit nie of van iemand, deur rentegeld te neem of te betaal, tog sal ek om my vriend se groot verleentheid van my gewoonte afsien. (*Teen Bassanio:*) Weet hy al hoeveel jy vra?

*Shylock:* Ja, drie duisend dukate.

*Antonio:* En vir drie maande.

*Shylock:* Ek het vergeet; drie maande; dit was jou woorde.

Goed dan: jou borgtog, maar wag 'n bietjie —  
luister:

Ek meen jy het gesê dat jy nie uitleen of ook van iemand leen op rente.

*Antonio:* Ek, nooit.

*Shylock:* Toe Jakob Laban se skape opgepas het —dië Jakob was vanaf ons heilige Abraham (soos sy slim moeder dit vir hom bewerk het) die derde besitter, ja hy was die derde, —

*Antonio:* En wat van hom? Het hy rente geneem?

*Shylock:* Geen rente, nee, nie regstreeks rente nie, soos jy sou sê, maar kyk wat Jakob doen na die ooreenkoms tussen hom en Laban

dat elke lam wat strepe het of kolle,  
Jakob se deel sou wees as loon. En so  
het hy vooruitgekom, hy was geseënd,  
en wins is seën wanneer eerlik gemaak.

*Antonio:* Maar Jakob het gedien op goeie geluk af,  
'n ding wat bo sy mag was om te doen,  
maar so bewerk is deur 'n Hoërhand.  
Haal jy dit op om rente goed te praat,  
of is jou goud en silwer ooie en ramme?

*Shylock:* Ek weet nie; ewe gou laat ek dit aanteel.  
Maar kyk, meneer.

*Antonio:* Bassanio, let hierop,  
die duiwel kan die Skrif vir hom laat pas.  
Die bose hart wat heilige stutte aandra,  
is soos 'n skurk met glimlag op die wang;  
'n skone appel binnekant verrot;  
o hoe bekoorlik lyk bedrog van buite!

*Shylock:* Drie duisend dukate: dis 'n groot  
som geld.  
Drie maande uit twaalf; maar dan die rentekoers —

— *Antonio:* Wel, Shylock, gaan jy ons die lening gee?

*Shylock:* Meneer Antonio, so dikwels op die Beurs  
het jy my sleggemaak om my vermoë  
en om die rente wat ek vra. Dit het  
ek met gelate skouerophaal verdra,  
want lyding is die teken van ons ras.  
Jy noem my ongelow'ge, skurk van 'n hond,  
bemors my Joodse kaftan met jou spuug,  
net omdat ek gebruik maak van my goed.  
Nou ja, dit lyk of jy my nodig het:  
nou goed, jy kom na my en sê vir my:  
„Shylock, ons wil geld hê” — dis wat jy sê,  
jy wat gespuug het op my baard en my  
geskop het soos jy 'n vreemde hond skop oor  
jou drumpel heen. Dis geld wat jy kom vra.

Wat moet ek vir jou sê? Moet ek nie sê:  
„Het 'n hond geld? en is dit moontlik dat  
'n hond so baie geld kan leen?” of moet  
ek buig heel laag en in 'n slaafse toon,  
met ingehoue asem soet gedwee,  
dit sê:

„Geagte heer, verlede Woensdag het  
jy my bespuug, 'n ander dag geskop;  
'n ander keer het jy my hond genoem,  
en nou sal ek vir hierdie vriendelikheid  
jou so en soveel geld leen?”

*Antonio:* Ek is kapael en sê jou weer so sleg,  
en spuug op jou en skop jou van my weg.  
As jy die geld wil leen, leen dit dan nie  
soos aan jou vriende — want het vriendskap ooit  
van sy vriend geskraap aanteel vir dor metaal? —  
maar leen dit liewer aan jou vyand uit,  
wat as hy nie op tyd betaal nie, jy  
dan sonder skroom kan vasvat.

*Shylock:* Kyk, hoe gaan  
jy nou te keer! Ek wil goeie vriende wees  
met jou, jou liefde hê, die smaad vergeet  
waarmee jy my bevlek 't, vervul in jou  
behoefte, op my geld geen duit vir rente  
neem nie, en jy luister nie na my nie:  
kyk my welwillende aanbod.

*Bassanio:* Dit sou 'n guns wees.

*Shylock:* Dié guns sal ek bewys:  
gaan saam na die notaris, onderteken  
die borgtog met jou naam alleen, en as,  
dit is maar vrolike skerts, jy nie vir my  
op 'n bepaalde dag terugbetaal,  
op 'n bepaalde plek, die som of somme  
soos in die dokument vermeld, laat daar  
geskrywe word dat vir die skuld presies  
'n pond van jou skoon vleis verbeur is om

gesny en uit jou lyf geneem te word,  
uit enige deel daarvan soos ek wil aanwys.

*Antonio:* Top, sê ek; ek onderteken dit  
en sê daar is veel goedheid in die Jood.

*Bassanio:* Nooit teken jy so iets om my ontwil nie;  
laat my dan liewer in my nood berus.

*Antonio:* Wat skrik jy, kêrel? Ek sal niks verbeur  
nie.

Binne twee maande, dus 'n maand voordat  
betaal moet word, verwag ek die ontvangs  
van waarde nege maal die som verskuldig.

*Shylock:* O vader Abram, hierdie Christenmense,  
hoe meet hulle tog 'n ander se gedagtes  
met hulle eie verharde handelwyse!  
Kom sê my tog: as hy nie kan betaal nie,  
wat kan ek wen deur op my eis te staan?  
'n Pond vleis uit 'n man se lyf gesny  
staan ver in waarde of voordeel agter by  
die vleis van skape, beeste of bokke. Ek sê,  
ek bied die vriendskap om sy guns te win;  
wil hy die neem, dan goed; so nie, goeiendag!  
En om my goeie gesindheid, vra ek jou,  
doen my geen kwaad meer aan.

*Antonio:* Ja Shylock, ek  
sal onder hierdie skuldbewys my naam sit.

*Shylock:* Ontmoet my onverwyld by die notaris.  
Gee hom instruksies om die prettige borgtog  
te skryf en ek sal die dukate gou  
gaan haal, kyk of dit reg is by my huis  
gelaat in hande van 'n niksnuts, en in  
'n kits is ek by jou.

(*Shylock uit*).

*Antonio:* Nael, Jood se kind.  
Hy sal nog Christen word; hy word goedhartig.

*Bassanio:* Ek hou nie van mooi woorde wat 'n  
skurk  
se hart bedek.

*Antonio:* Nee wat — wat dit betref,  
is niks te vrees; my skepe word verwag  
'n volle maand voor die bepaalde dag.

( *Uit* )

## BEDRYF II.

*Toneel 1. Trompette. Prins van Morokko en gevolg kom in; Portia, Nerissa en bediendes.*

*Morokko:* Laat tog my donker vel jou nie mishaag nie,  
dit is die verwing van die gloeiende son;  
ek woon naas hom en is hom naverwant.  
Laat kom die blondste kêrel van die noorde  
waar Phoebus skaars die yснаald kan laat smelt,  
en laat ons om jou liefde snye maak  
en kyk of my bloed nie die rooiste is nie.  
Ek sê jou, edele, my uiterlik  
het dapper manne laat beef; en by my liefde,  
sowaar, die mees-gesiene jonkvroue van  
ons land het dit ook liefgehad — ek sou  
my vel nie anders maak of dit moet wees  
om jou te win, my edele koningin.

*Portia:* By keuse doen hou ek my nie net aan  
wat welgevallig vir die oog mag wees nie;  
en buitendien, die raai-kans om my lot  
berooft my van die reg op vrye keuse;  
maar as my vader my nie in sy wysheid  
gebind het, ingeperk het om myself  
as vrou te gee aan hom wat my verkry  
langs aangeduide weg, dan sou jy seker,  
vermaarde prins, gelyke kans gehad het  
met enigeen wat om my liefde ding.

*Morokko:* Selfs daarvoor dank, en daarom wil ek na  
die kissies toe om my geluk te toets.  
By hierdie swaard waarmee 'k die Sjah gedood het,  
asook 'n Persiese prins wat drie gevegte  
teen Sultan Soliman gewen 't, sou ek  
die strengste oog laat swig, die dapperste man

oortroef, die suigende welp aan moederbeer ontruk, ja teen die leeu wat brul om buit, sou ek uitdagend tree om, edele, jou te win. Maar ag, helaas! As Herkules en Lichas dobbelend mekaar beproef, kan maklik per geluk die swakker hand die beste gooi behaal; so moet Alkides verloor teen eie lyfkneg, en so kan ek miskien, die blinde Lot se gek, net mis wat een van minder waarde mag verkry, en sterf van spyt.

*Portia:* Jy moet die kans maar waag of afsien van die keuse heeltemal of sweer voordat jy kies, as jy verkeerd kies, om nooit daarna met my oor trou te praat nie: daarom met welbedagte raad besluit.

*Morokko:* Wel seker nie. Kom gee my nou die kans.

*Portia:* Nou eers na die kapel, en na die ete jou kans gewaag.

*Morokko:* My goeie geluk, welaan! groot heil of swaarste vloek vir my voortaan.

(*Trompette — Almal uit*)

## *Toneel 2. Straat in Venesië. Launcelot op.*

*Launcelot:* Seker sal my gewete my help om van hierdie Jood, my baas, af weg te loop. Die bose is teen my aan en fluister vir my: „Gobbo, Launcelot Gobbo, goeie Launcelot” of „goeie Gobbo” of „goeie Launcelot Gobbo, gebruik jou bene, spring weg, hardloop.” My gewete sê: „Nee, wag, eerlike Launcelot; pas op, eerlike Gobbo” of soos vroeër genoem, „eerlike Launcelot Gobbo, moenie wegloop nie, dit is benede jou, so iets.” Wel, die dapperste

bose gees beveel my om die pad te kies: „Vort!” sê die bose; „loop” sê die bose, „en hardloop”. Wel, my gewete wat my hart aan die nek beet het, praat verstandig met my: „My eerlike vriend Launcelot, die seun van ’n eerlike man — of liever van ’n eerlike vrou” — wel my gewete sê: „Launcelot, moenie loop nie.” „Loop” sê die bose. „Moenie loop nie” sê my gewete. Gewete, sê ek, jy gee goeie raad; bose, sê ek, jy gee goeie raad. As ek na my gewete luister, moet ek bly by die Jood, my baas wat — mag God my vergewe — ’n soort duiwel self is. Al te seker is die Jood die duiwel in lewende lyf; en, na my gewete, my gewete is maar ’n soort klipharde gewete om my aan te raai om by die Jood te bly. Die bose is vriendeliker met sy raad: ek sal hardloop, bose; my bene is tot jou diens, ek sal hardloop.

### *Ou Gobbo met mandjie.*

*Gobbo:* Jy, meneer jongman, jy asseblief, hoe moet ek gaan na meneer die Jood se huis?

*Launcelot:* (*Tersy*) O aarde, dit is my einste, einste vader; hy is amper stokblind, hy ken my nie; ek wil hom in die war bring.

*Gobbo:* Meneer jongman, asseblief, hoe moet ek gaan na meneer die Jood se huis?

*Launcelot:* Gaan regs by die eerste draai, maar links by die eersvolgende draai van almal; so wrintig, by die eersvolgende draai, geen kant toe draai nie, maar afdraai half-reguit na die Jood se huis.

*Gobbo:* Liefste hemel, bitter swaar om te vind. Sê my tog of ’n sekere Launcelot nog by hom woon of nie.



*Launcelot:* Bedoel jy die jong meneer Launcelot? (*Tersy*). Kyk nou, hoor, hoe ek hom die skrik op die lyf jaag. Bedoel jy die jong meneer Launcelot?

*Gobbo:* Nie 'n meneer nie, maar 'n arm man se seun; sy vader is, al moet ek dit self sê, baie eerlik maar arm, en Gode sy dank fris en gesond.

*Launcelot:* Laat sy vader wees wat hy wil, ons praat van jong meneer Launcelot.

*Gobbo:* Meneer se vriend, en net maar Launcelot, meneer.

*Launcelot:* Maar sê my, ou kêrel, sê my, praat jy van jong meneer Launcelot?

*Gobbo:* Van Launcelot, asseblief meneer.

*Launcelot:* Nou goed, meneer Launcelot. Moenie praat van jong meneer Launcelot nie, vader; want volgens die skikgodinne en dergelike snaakse gesegdes, die drie Susters, en dergelike vakke van wetenskap, is die jonge heer, inderdaad dood; of soos jy in gewone taal sou sê, hemel toe.

*Gobbo:* Hemel, mag God dit verhoed! die seun was die staf en steun van my ouderdom.

*Launcelot:* (*Tersy*). Lyk ek na 'n stok of paal, na 'n staf of steunpilaar? Ken jy my, vader?

*Gobbo:* Helaas! ek ken jou nie, jongeheer; maar sê my, my seun — mag God sy siel bewaar — leef hy of is hy dood?

*Launcelot:* Ken jy my nie, vader?

*Gobbo:* Helaas, meneer, ek is amper stokblind; ek ken jou nie.

*Launcelot:* Nee, waarlik, as jy kon sien, sou jy my miskien ook nie ken nie; dit is 'n wyse vader wat sy eie kind ken. Wel, ou kêrel, ek sal jou nuus vertel van jou seun: gee my jou seën (*kniel*): die

waarheid kom uit; moord kan lang verborge bly — 'n man se seun ook, maar eindelijk kom die waarheid aan die lig.

*Gobbo:* Asseblief meneer, staan op: ek is seker, jy is nie Launcelot, my seun, nie.

*Launcelot:* Kom, geen doekies-omdraaiery meer nie, gee my jou seën: ek is Launcelot, jou seuntjie wat was, jou seun wat is, jou kind wat sal wees.

*Gobbo:* Ek glo nie dat jy my seun is nie.

*Launcelot:* Weet regtig nie wat ek daarvan moet dink nie, maar ek is Launcelot, die Jood se dienaar; en ek is seker Magriet, jou vrou, is my moeder.

*Gobbo:* Haar naam is Magriet, en voorwaar, as jy Launcelot is, dan is jy my eie vlees en bloed. Gee die hemel dat dit so is! wat 'n baard het jy! Meer hare op jou ken as ou Belie, my karperd, op die stert.

*Launcelot (opstaande)* Dit moet dan wees dat ou Belie se stert agtertoe groei; ek is seker hy het meer hare op sy stert gehad as ek op my gesig, toe ek hom laas gesien het.

*Gobbo:* Aarde, hoe het jy verander! Hoe kom jy en jou baas oor die weg? Ek het hom 'n present gebring. Hoe stryk julle twee nou?

*Launcelot:* Wel, maar wat my betref, omdat ek besluit het om weg te loop, sal ek nie rus voordat ek 'n goeie ent geloop het nie. My baas is 'n regtige Jood; gee hom 'n present! gee hom 'n riem: ek vergaan in sy diens; jy kan elke rib aan my lyf met jou vingers tel. Vader, ek is bly dat jy gekom het: gee jou present vir 'n sekere meneer Bassanio wat waarlik pragtige nuwe klere gee; as ek nie sy dienaar word nie, sal ek loop tot by die uiteinde van

die wêreld. Wonderlike geluk! hier kom die man. Na hom toe, vader; want ek ben 'n Jood, as ek die Jood langer dien.

*Bassanio met Leonardo en ander volgelinge.*

*Bassanio:* Jy kan so maak, maar sorg dat die ete gereed is om vyfuur. Besorg hierdie briewe; sorg dat die livreipakke gemaak word en nooi Gratiano om dadelik na my huis te kom.

(*Bediende uit*).

*Launcelot:* Na hom toe, vader.

*Gobbo:* Mag God u ed. seën!

*Bassanio:* Dank. Wil jy my spreek?

*Gobbo:* Hier is my seun, meneer, 'n arme seun,—

*Launcelot:* Nie 'n arme seun nie, meneer, maar 'n ryk Jood se kneg wat graag, meneer, soos my vader sal verduidelik —

*Gobbo:* Hy het 'n groot voorliefde, meneer, soos hulle sê, vir diens —

*Launcelot:* Regtig, meneer, om kort te gaan, ek is in diens by die Jood, en wil graag, soos my vader sal verduidelik —

*Gobbo:* Sy baas en hy, met alle respek vir u, kom nie goed klaar nie, —

*Launcelot:* Om dit kort te sê, die regtige waarheid is dat die Jood my onreg gedoen het en my daartoe bring, soos my vader, 'n ou man, vir u sal uitlê, —

*Gobbo:* Ek het hier duiwe vir 'n gereg wat ek graag vir u wil gee en versoek beleef, —

*Launcelot:* Kortom, die versoek raak my, soos u ed. sal verstaan van hierdie eerlike ou man;

en hoewel ek dit sê, hoewel ou man, tog arm man, my vader.

*Bassanio*: Laat een vir albei praat. Wat wil jy?

*Launcelot*: U dienaar wees, meneer.

*Gobbo*: Dit is die kern van die saak, meneer.

*Bassanio*: Ek ken jou goed; dit word jou toegestaan: Shylock, jou baas, het my vandag gespreek, jou aanbeveel — as dit verbetering moet wees om so 'n arme heer te dien in plaas van die ryk Jood, jou baas.

*Launcelot*: Die ou spreekwoord is goed verdeel tussen my baas en u, meneer: u het die genade van God, en hy is ryk.

*Bassanio*: Dis goed gesê. Gaan, vader, met jou seun.

Neem afskeid van jou baas en informeer dan na my tuiste. (*Teen sy volgelinge*). Gee hom 'n livreipak, meer as die ander opgetooi. Besorg dit.

*Launcelot*: Kom, vader. Ek kan nie in diens gaan nie, nee; ek kan nie my woord doen nie. Wel (*kyk na handpalm*) as enige man in Italië 'n beter gelukslyn het om 'n eed mee te sweer deur dit op die Bybel te lê, sou ek my verbaas want daar is geluk vir my te wagte! Wel, hier is 'n gewone lewenslyn! hier 'n bietjie verband met vroue! helaas, vyftien vroue is niks! elf weduwees en nege meisies is 'n flou inkomste vir 'n man; en dan om drie maal aan verdrink te ontkom, en om die dood by haarbreedte vry te spring — hier is niegige ontKOMINGE. As die geluk van die vroulike geslag is, dan is sy 'n goeie nôï in my geval. Kom, vader, ek sal afskeid neem van die Jood in 'n kits.

(*Launcelot en Gobbo uit*),

*Bassanio:* My goeie Leonárdo, wees hierop bedag: is hierdie goed gekoop en mooi verpak, keer gou terug, want ek onthaal vanaand 'n kennis wat ek hoogste skat; maak gou.

*Leonardo:* My grootste ywer sal ek hierin toon.

*Gratiano op*

*Gratiano:* Waar is jou heer?

*Leonardo:* Meneer, daar loop hy vort. (*Uit*).

*Gratiano:* Meneer Bassanio!

*Bassanio:* Gratiano!

*Gratiano:* Ek vra jou om 'n guns.

*Bassanio:* Reeds toegestaan.

*Gratiano:* Jy moet nie weier nie; ek moet saam met jou na Belmont.

*Bassanio:* Nou goed, dan moet jy. Maar verstaan, Gratiano:

jy is te wild en grof, te uitgesproke; dis dinge wat jou al te goed te staan kom en in ons oë nie as foute geld nie; maar waar jy nie bekend is, lyk die dinge 'n ietsie buitensporig. Probeer tog om met enkele koue druppels beskeidenheid jou lugtige gees te temper, dat ek nie waar ek heen gaan deur jou gedrag verkeerd gesien word en my kans verspeel.

*Gratiano:* Meneer Bassanio, luister: as ek nie soberheid betrag, respekvol praat, net af en toe 'n vloekwoord sê, gebede-boeke in my sak dra, sedig lyk, nee meer, my oë so met my hoed dek onder tafelgebed, en sug en amen sê nie, en nakom al die pligte van ordentlikheid, soos een met waardige houding goed vertrouwd om sy

grootmoeder te plesier — skenk my dan geen vertrouwe meer.

*Bassanio:* Ons sal jou houding dophou.

*Gratiano:* Maar net vanaand nie; meet my nie na wat vanaand gebeur.

*Bassanio:* Nee, dit sou jammer wees. Ek vra jou liever om jou voor te doen met joligste vertoon, want ons het vriende wat vrolikheid verlang. Tot weersiens dan, ek het nog sake om te doen.

*Gratiano:* En ek moet na Lorenzo en die ander gaan; maar by aand-ete sal ons jou besoek.

(*Uit*)

*Toneel 3. Kamer in huis van Shylock. Jessica en Launcelot kom in.*

*Jessica:* Dis jammer dat jy vader so laat staan; ons huis is hel, en jy, 'n vrolike duiwel, het bietjie smaak van saaiheid weggesteel. Dit gaan jou goed; neem dié dukaat vir jou, en, Launcelot, weldra by die ete sien jy vir Lorenzo, gas van jou nuwe baas. Gee hierdie brief vir hom, maar in geheim; vaarwel, ek wil nie dat my vader my vind in gesprek met jou.

*Launcelot:* Vaarwel! trane hou my tong vas. Skoonste heidin, soetste Jodin! as 'n Christen nie 'n skurkestreek uithaal en jou kry nie, dan ben ek 'n boontjie. Maar vaarwel! — die simpel trane versmoor my manlike gees — vaarwel!

*Jessica:* Vaarwel, goeie Launcelot.

(*Launcelot uit*)

Helaas, 'n afsku is in my die sonde  
dat ek my skaam om vader se kind te wees!  
Maar al is ek gebore uit sy bloed,  
uit sy gedrag voorwaar nie. O Lorenzo,  
as jy woord hou, dan eindig ek my stryd,  
dan word ek 'n Christin, opreg en trou,  
en boonop word ek jou liefhebbende vrou!

*Toneel 4. 'n Straat. Gratiano, Lorenzo, Salarino  
en Salanio kom in.*

*Lorenzo:* Nee, ons loop stilletjies weg in etenstyd,  
vermom ons by my huis en keer terug;  
dit alles binne 'n uur.

*Gratiano:* Ons is nog nie goed ingerig daarvoor  
nie.

*Salarino:* Oor fakkeldraers het ons niks afge-  
spreek nie.

*Salanio:* Dis vrot, as dit nie goed gereël is nie,  
dan dink ek laat ons dit maar liever bly.

*Lorenzo:* Dis nou maar vieruur: om dit reg te  
stel  
het ons twee ure.

*Launcelot op met 'n brief.*

Vriend Launcelot, watter nuus?

*Launcelot:* As u dit wil oopmaak, dit lyk wel  
van gewig te wees.

*Lorenzo:* Ek ken die hand; voorwaar 'n skone  
hand,  
en witter as die blad waarop geskryf is,  
die skoon hand wat geskryf het.

*Gratiano:* Van liefde wel.

*Launcelot:* Verskoon my tog, meneer.

*Lorenzo:* Waar gaan jy heen?

*Launcelot:* Wrintig, meneer, om my ou baas, die Jood, te vra om vanaand te kom eet by my nuwe baas, die Christen.

*Lorenzo:* Wag eers, neem dit (*gee geld*): en sê vir Jessica, die skone, in streng geheim, ek hou my woord. Gaan. — Here, (*Launcelot uit*) sal julle gereed wees vir die maskerade vannag? Ek het 'n fakkeldraer gekry.

*Salarino:* Wel seker, ek gaan reël dit dadelik.

*Salanio:* En so ook ek.

*Lorenzo:* Vir my en Gratiano kry julle 'n uur na dese by sy huis.

*Salarino:* So is dit afgespreek.

(*Salanio en Salarino uit*)

*Gratiano:* Was dit 'n brief van skone Jessica?

*Lorenzo:* Ek moet jou alles sê. Sy wys my hoe ek haar moet wegneem van haar vaderhuis; hoe sy voorsien is van juwele en goud; en watter soort livreipak sy gereed hou. Kom ooit die Jood, haar vader, in die hemel, dan sal dit om sy edel dogter wees. Nooit durf die Ongeluk haar pad gaan kruis, tensy hy dit wil doen op hierdie grond dat sy 'n valse Jood se dogter is. Kom saam met my en lees dit soos ons loop: my fakkeldraer sal wees skoon Jessica.

*Toneel 5. Voor Shylock se huis. Shylock en Launcelot op.*

*Shylock:* Jou oë sal jou die onderskeid wel wys tussen ou Shylock en Bassanio —  
Wat Jessica! dit kom van te veel eet



soos jy gewend is hier; stadig Jessica! —  
staan slaap en snork en dennebalke saag —  
stadig Jessica!

*Launcelot:* Hoor — Jessica!

*Sbylock:* Wie sê jou om te roep? Het ek beveel?

*Launcelot:* Meneer het my altyd gesê dat ek niks mag doen sonder bevel nie.

*Jessica in.*

*Jessica:* Roep u? Wat moet ek doen?

*Sbylock:* Ek word genooi na 'n ete, Jessica. Hier is my sleutels. Maar waarom moet ek gaan? Hulle vra my nie uit liefde, nee, hul vlei my. Tog sal ek gaan uit haat en teer op die verkwisterige Christen. Jessica, my kind, kyk na die huis; ek het geen lus nie: daar's een of ander kwaad teen my aan broei, ek het gedroom van sakke geld vannag.

*Launcelot:* Gaan tog, meneer; my nuwe jong heer wag dat u u opwagting sal maak.

*Sbylock:* O dan is hy in afwagting van my.

*Launcelot:* En hulle het saamgekonkel — ek sal nie sê dat dit 'n maskerade sal wees nie; maar as dit is, dan verstaan ek waarom my neus aan bloei gegaan het op swart-Maandag laaslede om sesuur in die môre, soos dit daardie jaar geval het op As-Woensdag was vier jaar in die namiddag.

*Sbylock:* Is daar 'n maskerade? Jessica, luister: jy sluit die deure; en as jy trom-slaan hoor, die kromnek-fluit se nare klaaghuil hoor, dan moet jy nie gaan klouter teen die vensters, bo die publieke straat jou kop gaan uitsteek en na besmeerde maskers van Christen-gekke

staan kyk, maar stop my huis se ore toe,  
ek meen die vensters dat geen ydel klank  
my stemmige huis deurdring. By Jakobs staf,  
ek het geen lus vir 'n eetparty vanaand nie.  
Maar ek sal gaan. Kêrel, loop vooruit  
en sê, ek kom.

*Launcelot:* Ek gaan vooruit, meneer. Juffer,  
kyk nietemin uit by die venster:  
'n Christen-man sal kom, kyk maar,  
is werd Jodin se kyk, sowaar.

(*Uit*)

*Shylock:* Wat sê hy daar, die heidense stumperd,  
wat?

*Jessica:* „Vaarwel, my juffer”, dis wat hy gesê het.

*Shylock:* 'n Goeie vent, maar eet te veel, lui by  
die werk, maar slaap te veel oordag, meer as  
die wildekat; ja, hommels maak nie nes  
by my nie; daarom skei ek uit met hom,  
sien graag dat hy sy nuwe baas gaan help  
verkwis geleende geld. Gaan binne, Jessica.  
Ek kom miskien nog dadelik terug.  
Doen wat ek sê; sluit agter jou die deure:  
goed bewaar, moeite spaar,  
die woord bly vir 'n spaarsame altyd waar.

(*Uit*)

*Jessica:* Vaarwel, as die Geluk my veilig hou,  
is jy vir my verlore en ek vir jou.

(*Uit*)

*Toneel 6. Dieselfde. Gratiano en Salarino gemaskerd  
op.*

*Gratiano:* Hier onder oorhangdak versoek Lorenzo  
dat ons moet wag.

*Salarino:* Dis amper oor die tyd.

*Gratiano:* Verbaas my dat hy oor sy tyd kan wees want minnaars loop steeds gouer as die klok.

*Salarino:* Wil sy 'n nuwe liefdeband beseël, dan vlieg die duiwe van Venus tien maal sneller as wat hulle na gewoonte doen wanneer die duurgeswore woord gehou moet word.

*Gratiano:* Dit geld altyd: wie staan op van die maaltyd met al die eetlus waarmee hy gaan sit het? En watter sirkusperd maak ander maal met onverswakte drif sy lastige passe? Daar is geen ding wat nie met veel meer geesdrif gesoek word as geniet. Net soos 'n jonker swier die vaartuig weg uit eie hawe, wimpelgetooi, deur dartel wind omspeel; maar hoe verreneweer kom hy terug, soos 'n verlore seun, met rib op rib verweer, die seile flenters, skraal en mat, en lendelam geslaan deur woeste wind!

*Salarino:* Hier kom Lorenzo: later meer hiervan.

*Lorenzo op.*

*Lorenzo:* Verskoon tog dat ek laat is, goeie vriende.

Nie ek nie maar my sake dra die skuld. As julle ook vroue wil steel vir julleself, dan wag ek ook so lank vir julle. Kom nou, hier woon my vader Jood. Hêi! Wie is binne?

*Jessica bo in seunsklere.*

*Jessica:* Om my gerus te stel, sê wie is jy? En tog wed ek, jou stem is my bekend.

*Lorenzo:* Lorenzo, jou minnaar.

*Jessica:* Lorenzo, waarlik my beminde, want geen ander min ek so. En jy alleen, Lorenzo, jy weet of ek joue is.

*Lorenzo:* Die hemel en jou hart sweer saam, jy is.

*Jessica:* Vang hierdie mandjie, dis die moeite werd. Gelukkig is dit nag, dat jy nie sien nie, want ek voel al te skaam in hierdie drag. Maar liefde is blind en weinig weet verliefdes van al die sotheid deur hul aangevang; want as hulle wis, sou Cupido self bloos om my te sien verander in 'n seun.

*Lorenzo:* Kom af, jy moet my fakkeldraer wees.

*Jessica:* Wat, moet ek nog my skande ook verlig? Die is vanself, voorwaar, reeds veels te lig. Kyk, liefde moet ontdek word, en ek moes verborge bly.

*Lorenzo:* Jy bly verborge, liefste, selfs in die fraai pak van 'n seun, voorwaar. Maar kom meteens; die donker nag gaan gou verby — hulle wag vir ons daar by die eetmaal van Bassanio.

*Jessica:* Ek sluit die deure dig en skraap vir my nog meer dukate en is gou by jou.

(*Verdwyn bo*)

*Gratiano:* Wel, by my kool, 'n edele, geen Jodinnie.

*Lorenzo:* So wragtiewaar, ek het haar baie lief, want sy is wys, as ek haar reg kan skat, en sy is mooi, as ek my oë kan glo, en sy is trou, soos sy dit wel getoon het, en daarom, soos sy self, wys, mooi en trou, sal ek haar opneem in my troue hart.

*Jessica benede op.*

Wat, is jy hier? Kom, manne, lank al staan  
ons maats vermom vir ons en wag — ons gaan.

*(Uit met Jessica en Salarino)*

*Antonio op.*

*Antonio:* Wie is daar?

*Gratiano:* Meneer Antonio!

*Antonio:* Foei, foei, Gratiano! Waar is al die  
ander?

Dis nege-uur; ons vriende wag vir jou.  
Geen maskerade vannag; die wind steek op;  
Bassanio gaan somar netnou skeep —  
ek het wel twintig man na jou laat soek.

*Gratiano:* Dit maak my bly, want niks verlang  
ek meer  
as weg te seil vannag met hierdie weer.

*(Uit).*

*Toneel 7. Belmont. Kamer in die huis van Portia.  
Trompetgeblaas. Portia en Prins van Morokko, albei  
met gevolg op.*

*Portia:* Trek die gordyne weg en laat die kissies  
vir hierdie edele prins getoon word. Doen nou maar  
jou keuse.

*Morokko:* Die eerste, goud, wat hierdie opskrif dra:  
„Hy wat my kies, sal win wat baie naartig soek;”  
die tweede, silwer, dra die fraai belofte:  
„Hy wat my kies, sal kry soveel as hy verdien;”  
die derde, dooi lood, wat somar botweg waarsku:  
„Hy wat my kies, moet gee en waag al wat hy het”!  
Hoe sal ek weet of ek die regte kies?

*Portia:* In een van hierdie kissies is my beeltnis, kies jy dié een, dan is ek daarmee joue.

*Morokko:* Laat my 'n god die weg wys! Laat my sien:

ek lees van agteraf die woorde weer.

Wat sê die lood?

„Hy wat my kies, moet gee en waag al wat hy het.”

Moet gee,— waarvoor? vir lood? en waag vir lood?

Die ene dreig; die man wat alles waag,

doen dit met hoop om winste in te samel.

Onwaarde kan geen edele gees verlok nie,

en daarom gee of waag ek niks vir lood nie.

Wat sê die tweede, silwer, rein van voorkoms?

„Hy wat my kies, sal kry soveel as hy verdien.”

Wat hy verdien? Dink hier goed na, Morokko,

en weeg jou waarde op 'n suiwere skaal.

As jy geskat word soos jy self dit voel,

staan jou verdienste hoog; en tog mag dit

te min wees om die jonkvrou te verwerf.

Daarteen sou ek deur twyfel of ek haar

met reg verdien, myself maar net kleiner.

Wat ek verdien! Sowaar, dit is die jonkvrou!

Na afkoms en besitting en fatsoen

en fyn beskawing tog verdien ek haar.

Maar meer as dit: in liefde verdien ek haar.

Sê nou ek loop niks verder, maar kies hier?

Ek lees nogmaals die woord in goud graveer:

„Hy wat my kies, sal win wat baie naargestig soek.”

Maar dis die jonkvrou — almal ding om haar;

hulle kom uit elke windstreek van die aarde

om hierdie beeld te soen, die lewende heilige.

Hirkanië se woestenyne en

Arabië se dorre eindeloosheid

is nou soos strate waarop prinse kom

om haar te sien, die skone Portia.

Die seë wat met wild vermetel hande

hul skuim smyt in die aanskyn van die hemel,

kan hulle nie weerhou nie, maar hulle kom

soos oor 'n spruit om Portia te sien.  
Een van die drie bevat haar skone beeltnis.  
Sou sy miskien in lood wees? Dis te gemeen  
om dit te dink; lood sou te grof wees om  
haar lykkleed in die donker graf te dek.  
Of moet ek dink, sy lê geberg in silwer  
wat tien maal minder werd is as rein goud?  
Bose gedagte! Nooit was so 'n ryk juweel  
geset in minder iets as goud. Daar is  
in Engeland 'n munt waarop in goud  
gestempel is die beeltnis van 'n engel,  
maar dit is buite-op, hier egter lê  
'n engel gans in goue bed gebêre.  
Gee my die sleutel — ek kies — mag dit geluk!

*Portia:* Hier is dit, prins; vind jy my beeltnis daar;  
dan is ek joue.

*(Hy sluit die goue kissie oop)*

*Morokko:* Helaas! wat het ons hier?  
'n Skedel, en in sy holle oogkas sit  
'n rol waarop geskryf is! Ek sal dit lees. *(Lees)*  
„Dis nie alles goud wat blink nie,  
dat jy dit nie self kon dink nie . . . ;  
baie het die lewe verpand  
om my te sien van die buitekant;  
ook in blink grafte is wurms voorspoedig.  
Was jy net so wys as moedig,  
jonk van lyf, van insig oud,  
dan was jou keus geen bittere fout:  
gaan nou heen, jou saak is koud.”

Koud, voorwaar, en moeite verlore;  
weg, warmte; koue is my beskore!  
Portia, vaarwel — ek is te stukkend nou  
om nog te toef; die wat verloor, skei gou.

*(Uit met gevolg. Trompette).*

*Portia:* Mooi daarvan af. Gordyne dig, maak klaar.  
Mag al die donker velle net so vaar.

*(Uit).*

*Toneel 8. Venesië. Straat. Salarino en Salanio op.*

*Salarino:* Bassanio het ek sien seil, wel seker; en met hom saam aan boord ook Gratiano; Lorenzo egter is beslis nie saam nie.

*Salanio:* Die slegte Jood het met lawaai die doge gaan wakker maak, en die is saam met hom om die vaartuig van Bassanio deur te soek.

*Salarino:* Te laat gekom, die skip het reeds geseil. Maar daar verneem die doge toe dat hulle gesien is in 'n gondel bymekaar, Lorenzo en verliefde Jessica. Boondien het hom Antonio verseker, die twee het nie saam met die skip gegaan nie.

*Salanio:* Hoe het die hond van 'n Jood wild losgebars, so heen-en-weer, verward en verregaande! — so iets het ek nog nooit op straat beleef nie: „My dogter! My dukate! O my dogter! Vort met 'n Christen! My Christelike geld! Geregtigheid! die wet! my geld, my dogter! 'n Sak verseël, twee verseëelde sakke dukate, dubbel dukate, deur my dogter van my gesteel — juwele, edelstene, van my gesteel! Geregtigheid! Waar is my dogter! Vang haar! Vang haar! Sy besit my stene en dukate, edelstene!”

*Salarino:* Wel, al die stadseuns loop hom na en skree: sy stene en dukate en sy dogter.

*Salanio:* Mag goeie Antonio op sy tyd betaal, of hy ontgeld dit.

*Salarino:* Kyk, dit val my by: so heel terloops vertel 'n Fransman gister vir my dat in die eng see tussen die kuste van Frankryk en van Engeland vergaan het 'n ryk belaaide vaartuig van ons land.



Toe het ek aan Antonio gedink  
met stille wens dat dit nie sy skip was nie.

*Salanio:* Jy moet dit vir Antonio maar sê,  
maar doen dit wyslik dat hy hom nie kwel nie.

*Salarino:* Die aarde dra geen man wat hom oortref  
in rein welwillendheid. Ek was daarby  
toe hy sy vriend, Bassanio, gegroet het:  
Bassanio het gemeen om gou terug  
te keer; sy antwoord was: „Dit doen jy nie,  
geen halwe werk om my ontwil, Bassanio,  
maar wag totdat die saak sy ryptyd win.  
En wat die geld betref wat ek die Jood skuld,  
laat dit jou liefdehart geen onrus bring nie.  
Wees vrolik; sit jou hele hart op hofmaak  
en sulke mooi betuiging van liefde  
as wat jou saak daar beste diens bewys.”  
Toe het hy met betraande oog en die  
gesig, opsy gedraai, sy arm om  
Bassanio geplaas en die se hand  
geskud met diep bewoënheid en so  
geskei.

*Salanio:* Ek dink die wêreld is vir hom  
alleen iets werd terwille van Bassanio.  
Kom, laat ons hom gaan opsoek en probeer  
om hom uit die bedruktheid wat hy so  
aan vashou, op te rig tot vrolikheid  
met een of ander grappie.

*Salarino:* Laat ons gaan.

(*Uit*).

*Toneel 9. Belmont. Kamer in woning van Portia.  
Nerissa met bediende op.*

*Nerissa:* Maak dan tog gou; skuif die gordyne  
oop:

die prins van Arragon het al gesweer  
en kom onmiddellik sy keuse doen.

*Trompette. Prins van Arragon, Portia met bulle  
volgelingen.*

*Portia:* Kyk, edele prins, die kissies reg voor jou.  
As jy die een kies, wat my beeltnis hou,  
word ons meteens bevestig in die huwelik;  
maar slaag jy nie, dan moet jy sonder praat,  
meneer, onmiddellik van hier vertrek.

*Arragon:* Die eed bind my aan drie beloftes vas:  
die eerste, dat ek nooit vir iemand sê  
wat ek gekies 't; die tweede, kies ek mis,  
om dan nooit in my lewe weer 'n nôi  
die hof te maak met mening om te trou;  
en eindelijk, misluk die keuse my,  
dan moet ek sonder uitstel van jou skei.

*Portia:* Die eed lê hierdie las op elkeen wat  
hier om my weinigheid sy kans beproef.

*Arragon:* En hieraan wil ek my gebonde hou.  
Geluk vir my! Goud, silwer en vuig lood.  
„Hy wat my kies, moet gee en waag al wat hy het.”  
Vertoon eers mooier, voor ek gee of waag.  
Wat sê die goue kissie? Laat my sien:  
„Hy wat my kies, sal kry wat baie naarstig soek.”  
Wat baie naarstig soek! die „baie” mag  
die dwase massa wees, wat na die skyn gaan,  
nooit meer leer ken as wat die oë wys,  
nie dieper kyk, maar soos die swaeltjie bou  
al teen die buitemuur oop vir die weer,  
vlak voor die ongeluk se wilde slag.  
Ek kies nie wat die menigte na soek  
want ek wil nie soos aldagmense dink nie  
of met die ruwe massa saam getel wees.  
Wel dan na jou toe, huis van silwer skatte;  
ek wil jou woorde nog 'n keer gaan lees:  
„Hy wat my kies, sal kry soveel as hy verdien.”  
Dis goed gesê, want wie sal rondgaan om  
geluk te fop en eerbaar te wees sonder

die waarmerk van verdienste? Laat niemand hom met onverdiente waardigheid beklee nie. Kon dit tog wees dat rang, posisie, ampte deur suiwer middele gewin was! en die draer van hoë eer dit moes verdien! Hoe baie moes, ongedek, hulself dan dek met eer! Hoe baie beveel wat nou beveel word? Hoe baie van laagste stand sou dan gehaal word uit die egte saad van eer, en hoeveel eer vergaar word uit die kaf en afval van die tyd om nuut te glans! Maar nou my keuse: „Hy wat my kies, sal kry soveel as hy verdien” Ek neem wat ek verdien. Gee hier die sleutel, dat ek meteens my goeie geluk kan oopsluit.

(*Hy sluit oop*).

*Portia*: Te lank geswyg om wat jy nou daar vind.

*Arragon*: Wathier? verbrande sot se beeld wat my 'n beskrewende blad verstrek. Ek sal dit lees. Hoe min ooreenkoms tussen jou en Portia! Hoe ver benede my hoop en my verdienste! „Hy wat my kies, sal kry soveel as hy verdien.” Het ek niks meer verdien nie as 'n sots-kop? Is dit my loon? Is my verdienste dit?

*Portia*: Skuldig wees en regter ook, die twee staan teen mekaar vanself.

*Arragon*: Wat staan hierop? (*Lees*).

„Dit's sewe maal beproef deur vuur:  
sewe maal beproef en duur  
is insig wat nooit sywaarts stuur.  
Party loop agter skaduwees aan,  
skaduwee-troos is gou gedaan.  
Daar leef dwase, glo my vas,  
silwerbedek soos hierdie was.  
(Ek sal steeds jou leidsman wees;  
gaan nou heen, dis klaar met kees.”

As ek nog langer bly, sal ek  
van my al meer gaan maak 'n gek:  
met een sots-kop het ek kom vry,  
maar gaan weg met nog een daarby.  
Vaarwel, beminde. Ek hou my woord  
en dra my leed geduldig voort.

( *Uit met gevolg* )

*Portia*: So het die kers die mot gekroei.  
Verstokte dwase! Hulle weet nogal hoe om  
met slimmigheidjies daarvan af te kom.

*Nerissa*: Die ou gesegde staan op vaste voet:  
galgdood en trou is voorbeskikte goed.

*Portia*: Gordyne dig, Nerissa.

*Bediende op.*

*Bediende*: Waar is haar edele?

*Portia*: Hier, wat wil my heer?

*Bediende*: Edele, by die poort het aangekom  
'n jong Venesiaan; hy kom vooruit  
en bring berig, sy heer is netnou hier.  
Sy heer se groete is van tasbare aard,  
te wete, naas sy woord van aanbeveling,  
ook ryk geskenke. Ek het nog nooit gesien  
so'n aangename bode van die liefde.  
Nooit het Septemberdag so mooi die koms  
van somerrykdom aangesê soos hierdie  
voorloper wat sy heer se aankoms meld.

*Portia*: Niks meer nie, hoor; ek is half bang dat jy  
dalk nog gaan sê, hy is jou aanverwant,  
waar jy sy lof fantasties uitbasuin.  
*Nerissa*, kom; graag wil ek sien die bode  
wat snelle *Kupido* so hoflik stuur.

*Nerissa*: Mag dit, o *Liefde*, tog *Bassanio* wees.

( *Uit* ).

### BEDRYF III.

*Toneel 1. Venesië. Straat. Salanio en Salarino op.*

*Salanio:* Wel, wat gaan aan op die Beurs?

*Salarino:* Daar loop die storie ongehinderd rond dat 'n skip van Antonio met ryke lading op die eng see vergaan het; die Goodwins meen ek, noem hulle die plek; dit is daar gevaarlik vlak en 'n ongeluksplek waar baie groot skepe begrawe lê, soos hulle sê, as die praatjiesmaakster 'n eerlike vrou van haar woord is.

*Salanio:* Ek wens dat sy hierin net so 'n liegbek is soos enigeen wat ooit 'n gemmerstuk met haar tande gekraak het of haar bure laat glo het dat sy huil oor die dood van haar derde man. Maar dit is waar, sonder om in langdradigheid te verval of die pad van gewone gesprek te kruis, dat die goeie Antonio, die eerlike Antonio — o, dat ek 'n woord gehad het wat by sy naam pas! —

*Salarino:* Kom, die end van die sin.

*Salanio:* Wat sê jy? Nou ja, die end is, hy het 'n skip verloor.

*Salarino:* Mag dit die end van sy verliese wees.

*Salanio:* Laat my betyds amen sê, sodat die duiwel nie my gebed verydel nie, want hier kom hy in die gedaante van 'n Jood.

*Shylock op.*

Wel, Shylock, wat gesels die kooplui?

*Shylock:* Julle het geweet, niemand het beter geweet, niemand beter as julle van my dogter se vlug.

*Salarino:* Gewis, wat my aangaan, ek het geweet watter snyer die vlerke gemaak het, waarmee sy gevlieg het.

*Salanio:* En Shylock, van sy kant, het geweet dat die voëltjie begin het om te vlie; en dan is dit in die geaardheid van hulle almal om die moeder te verlaat.

*Shylock:* Daarom is sy vervloek.

*Salarino:* Dit is seker, as die duiwel haar regter is.

*Shylock:* My eie vlees en bloed in opstand!

*Salarino:* Daar is meer verskil tussen jou vlees en hare as tussen git en ivoor; meer tussen julle twee se bloed as tussen rooiwyn en Rynse wyn. Maar sê tog, het jy verneem of Antonio verlies gely het op see of nie?

*Shylock:* Daar het ek 'n ander ellendige saak: hy is bankrot en 'n verkwister wat skaars sy gesig op die Beurs kan wys; 'n bedelaar wat vroeër so windmakerig op die mark gekom het; hy moet oppas vir sy borgtog; hy het my almelewe woekeraar genoem; hy moet oppas vir sy borgtog; hy het almelewe geld uitgeleen as 'n Christelike gunsbetoon; hy moet oppas vir sy borgtog.

*Salarino:* Wel, as hy in gebreke bly, sal jy tog seker nie sy vleis neem nie; tot watter nut is dit?

*Shylock:* Goeie aas om vis mee te vang; as dit niks kan voed nie, dan tog my wraak. Hy het my verneder en gekeer van 'n halfmiljoen maak; gelag oor my verliese, gespot met my winste, my volk gehoon, my kanse verniel, my vriende teen my opgemaak, my vyande aangehits; en waarom? Ek is 'n Jood. Het 'n Jood nie oë nie, of hande, organe, ledemate, sintuie, aandoeninge, hartstogte nie? Word hy nie gevoed met dieselfde kos nie, gewond met dieselfde wapens nie, aangetas deur dieselfde siektes nie, genees deur dieselfde middele nie,

verwarm en verkoel deur dieselfde somer en winter, as 'n Christen nie? As julle ons steek, bloei ons nie? As julle ons kielie, lag ons nie? As julle ons vergewe, sterwe ons nie? En as julle ons onreg doen, sal ons nie wraak neem nie? As ons net soos julle is in die ander dinge, sal ons hierin soos julle wees. As 'n Jood 'n Christen onreg doen, wat is sy verdraagsaamheid? Wraak! As 'n Christen 'n Jood onreg doen, hoe moet hy hom gedra volgens Christelike voorbeeld? Wraak neem, natuurlik. Die skurkigheid wat julle my leer, sal ek uitoefen; en dit sal swaar gaan, maar ek wil verbeter op die voorbeeld.

*Bediende op.*

*Bediende:* Edele here, my heer Antonio is tuis en wil u albei spreek.

*Salarino:* Ons het hom orals gesoek.

*Salanio:* Hier kom nog een van die ras; teen 'n derde is ons nie opgewasse nie, tensy die duiwel self Jood word.

*(Salanio, Salarino en bediende uit)*

*Tubal binne.*

*Sbylock:* Wat nou, Tubal! Watter nuus van Genua? Het jy my dogter gekry?

*Tubal:* Ek het op plekke gekom waar ek van haar gehoor het, maar haar self nie gevind nie.

*Sbylock:* Sien jy nou, sien jy! 'n diamant verlore wat my twee duisend dukate in Frankfurt gekos het. Die vloek het ons volk nie getref nie tot nou. Ek het dit nooit gevoel tot op dese dag nie; twee duisend dukate verlore, en ander kosbare, kosbare juwele. Ek wens dat my dogter 'n lyk was voor my voete, en die dukate in haar kis! En geen spoor van hulle nie! Ag, en ek weet nie wat die koste is van die

soektog nie. Ag, ramp op ramp! die dief is weg met soveel, en soveel om die dief te vind; en geen bevrediging, geen wraakneming; geen ongeluk wat roer of dit slaan neer op my skouers; geen sugte behalwe my asemhaling; geen trane behalwe die wat ek self stort.

*Tubal:* Ja, daar is ander wat ook skade ly: Antonio, soos ek in Genua verneem het . . .

*Sbylock:* Wat, wat, wat? Skade? Skade?

*Tubal:* Het 'n koopvaarder verloor wat van Tripoli kom.

*Sbylock:* Dank God, dank God! Is dit waar? Is dit waar?

*Tubal:* Ek het met 'n paar matrose gepraat, wat gered is uit die skipbreuk.

*Sbylock:* Dankie, goeie Tubal; goeie tyding, goeie tyding! ha! ha! waar? in Genua?

*Tubal:* Ek verstaan jou dogter het in Genua in een nag tagtig dukate gespandeer.

*Sbylock:* Jy gee my 'n dolksteek; ek sien my goud nooit weer nie — tagtig dukate in een slag!

*Tubal:* Verskeie krediteure van Antonio het saam met my gekom na Venesië en hulle sweer dit is onmoontlik dat hy kan betaal.

*Sbylock:* Ek is al te bly; ek sal hom pes; ek sal hom folter — ek is tog so bly.

*Tubal:* Een van hulle het my 'n ring gewys wat hy geruil het van jou dogter vir 'n aap.

*Sbylock:* Weg met haar! Jy pynig my, Tubal: dit was my turkoois. Dit is 'n geskenk van Lea voor ons trou; ek sou dit nie geruil het vir 'n duisternis van ape nie.



*Tubal*: Maar Antonio is bankrot, sonder twyfel.

*Shylock*: Ai, dit is waar, dit is waar! Gaan, Tubal, en bespreek vir my 'n agent twee weke voor die tyd en betaal hom. As hy verbeur, kry ek sy hart; want, as hy uit my pad is, kan ek handel drywe na hartelus. Gaan, Tubal, en ontmoet my by die sinagoge; gaan, goeie Tubal, by ons sinagoge, Tubal. (Uit)

*Toneel 2. Kamer in die huis van Portia. Bassanio, Portia, Gratiano, Nerissa en gevolg.*

*Portia*: Ek vra jou, wag; wag eers 'n dag of wat voor jy dit waag, want as jou keuse misloop, is ek jou aanspraak kwyt. Wag nog 'n rukkie. Iets sê vir my — maar liefde is dit nie — ek wil jou nie verloor nie; en jy weet self dat haat hom nie op dié manier betuig nie. Maar dat jy my nie dalk mag misverstaan nie — tog mag 'n jongnôï net maar dink, nie praat nie — ek sou jou hier 'n maand of twee wil hou, voor jy om my gaan waag. Ek kon jou wys om reg te kies, maar dan moet ek my eed breek. Dit doen ek nooit; en so mag jy my misloop; maar kom dit so, dan moet ek sonde doen en wens, ek het die eed gebreek. Sowaar, jou oë het my betoor, in twee gesplits: een helfte is joue, die ander helfte joue — my eie, sou ek meen; maar is dit myne, dan joue, en so is alles joue! Ag, die bose tyd maak skeiding tussen besitters en hul regte! En so, al is ek joue, tog joue nie. As dit moet wees, laat dan my rykdom na die duiwel gaan, nie ek nie. Ek praat te lank; dis om die tyd te hou, hom uit te rek tot in sy volle lengte, om jou van keuse te weerhou!

*Bassanio:* Laat my  
die keuse doen, want ek is op 'n pynbank.

*Portia:* Bassanio, op 'n pynbank! Sê my dan  
watter verraad gemeng is in jou liefde.

*Bassanio:* Niks meer as nare twyfel wat my bang  
maak  
dat ek my liefde nooit sal mag geniet nie.  
Net so onmoontlik as wat sneeu en vuur  
ooit by mekaar kan uithou, net so min  
my liefde en verraad.

*Portia:* Ek vrees jy praat  
soos mense op die pynbank wat, gedwing,  
maar enigiets laat uitkom.

*Bassanio:* Beloof my lewe,  
dan praat ek waarheid.

*Portia:* Nou goed, bely en lewe.

*Bassanio:* Bely en min moes dan die groot geheel  
wees  
van wat my hart wou sê. Salige pyn  
wanneer my folteraar self vir my leer  
die woorde wat my van die pyn verlos!  
Maar na die kissies nou en na my heil.

(*Gordyn word oopgeskuif*)

*Portia:* Nou goed, ek is in een van hulle gesluit.  
As jy my liefhet, sal jy my wel vind.  
Nerissa en die ander, staan opsy.  
Laat daar musiek wees onderwyl hy kies;  
dan eindig hy, by mistas, soos 'n swaan  
wat singend sterf; en dat die vergelyking  
nog beter klop, sal my oog vir hom wees  
die stroom en watergraf. Hy mag dit haal;  
en wat is dan musiek? Dan is musiek  
net soos geskal as onderdane buig  
in eerbied voor 'n pasgekroonde vors;

dan is dit soos soet stemme wat by dagbreek  
die slaapbevange bruidegom se oor  
kom streel en hom ten huwelik roep. Nou gaan hy,  
net so vernaam maar met nog veel meer liefde  
as jong Alkides, toe hy haar bevry het,  
wat Troje met misbaar moes bring as offer  
aan die segedrog; ek staan as offermaagd;  
die ander daar is die Trojaanse vroue  
wat met gelaat versomber kom aanskou  
die stryd se afloop. Gaan, Herkules! Leef jy,  
dan lewe ek; die stryd te sien maak my  
veel banger as vir jou wat self moet stry.

*Musiek terwyl Bassanio met homself redeneer oor die  
kissies.*

*Lied.*

Sê, kom sinnigheid uit die kop,  
of kom dit uit die hart uit op?  
Hoe ontstaan dit, hoe gedy dit?

Antwoord my dit.

In die oog is sy ontstaan,  
dit leef van sien; en gou vergaan  
dit in die wieg — uit en gedaan.  
Kom, lui sy doods-klok: ting-tang-tong;  
tinge-tange-tongelong!

*Almal:* Tinge-tange-tongelong!

*Bassanio:* Die ding wat buitekant so mooi vertoon,  
is dalk die minste werd; die wêreld word  
aldeur met skyn bedrieg. Die pleit, op stuk  
van reg, hoe oneg en besoedel ook,  
wanneer gespreek met gladde tong, bedek  
die kwaad se aanskyn. En, op stuk van godsdiens,  
word met 'n kalm gelaat die bose dwaling  
geseën en bevestig met 'n teks.  
So kruip die growwe fout agter die opskik.  
En elke euwel hoe eenvoudig ook

steel vir sy buitekant 'n trek van deug.  
Hoe baie lafaards met die harte vals  
soos trappe sand dra nogtans op die ken  
die baard van Herkules en fronsende Mars,  
maar het van binne lewers wit soos melk.  
Dis net om kamtig vrees te wek dat hulle  
vir hul aanmatig dapperheid se uitwas.  
Kyk maar hoe skoonheid na gewig gekoop word,  
wat hierdie wonder werk dat hy juis die  
wat swaarste daaraan dra, die ligste maak.  
So word die goue krullok wat die wind  
mee speel so sag en dartel, soms herken  
as skat van 'n ander kop, terwyl die skedel  
wat hom verwek het, onder die aarde rus.  
Versiering is maar net die valse kus  
van 'n gevaarlike see; die fraaie sluier  
wat maar 'n Indiese skone dek; kortom,  
die skyn van waarheid wat die sluwe wêreld  
die wysste man mee fop. Daarom, blink goud,  
klipharde kos vir Midas, ek wil niks weet  
van jou, en niks van jou, bleek silwer wat  
gewone ruiling tussen mense is;  
maar jy, geringe lood, wat eerder dreig  
as dat jy iets beloof, jou bleekheid roer  
my meer as klinkende spraak. En hier doen ek  
my keuse: mag daar ryke vreugde op volg.

*Portia:* Hoe wyk die ander drifte weg tot niks,  
soos twyfel-drang en wanhoop gou gegryp  
en siddervrees en kranke ywersug!  
O liefde, wees gematig; bring tot kalmte  
jou opgetoënheid; bedwing jou reën  
van vreugde en wees suinig met jou oorvloed!  
Jou rykdom is te veel vir my, beperk dit  
voor dit te magtig word!

*Bassanio:* Wat vind ek hier?

(*Maak die lood kissie oop*)

Beeld van skone Portia! O watter halfgod  
 het dit so amper lewe self gegee?  
 Leef hierdie oë? Of ry hul op my eie  
 oogbolle en lyk dit maar of hul beweeg?  
 Die asem wat die lippe hier verdeel  
 is suikersoet; dat sulke liewe vriende  
 deur soetheid so geskei word! Die skilder speel  
 hier in die hare spinnekop se rol  
 en het 'n goue net geweef om mans  
 se harte mee te vang, gouer as muggies  
 in spinnerak. Maar die oë — hoe kon  
 hy sien om hulle te maak? Nadat hy een  
 voltooi het, glo ek, moes dit albei syne  
 gesteel 't en self gebly het sonder maat.  
 Maar kyk, hoeveel my lof aan hierdie beeld  
 deur onderskatting onreg doen, so ver  
 staan dit benede die persoon. Die rol  
 bevat die kort begrip van my geluk.

(*Lees.*) „Mag jy wat nie net bo-op kyk,  
 altyd geluk kry ewe ryk!  
 Waar die lot jou so bedeel,  
 soek geen ander vir jou deel.  
 Praat jou hart ten volle mee  
 van groot geluk wat dit jou gee,  
 gaan dan die jonkvrou tegemoet  
 en neem haar met 'n soen vir goed.”

'n Soet geskrif. O skone, mag ek maar?

(*Soen haar*)

Ek volg die voorskrif, gee en neem voorwaar.  
 Soos een van twee, meedingend om 'n prys,  
 wat meen hy 't goed gedoen, soos wel bewys  
 die algemene byval en geskree,  
 nog half bedremmeld staar, half oorgegee  
 aan twyfel of die jubel is vir hom;  
 so, driemaal-skone jonkvrou, staan ek ston  
 en twyfel of dit alles waarheid is,  
 tot jy bevestigend vir my beslis.

*Portia:* Hier staan ek, heer Bassanio, soos ek is. Hoewel ek om myself ontwil nie eintlik veel beter sou wil wees, tog sou ek wens dat ek wel sestig maal myself oor was, en duisend maal so mooi en ryker nog tien duisend maal, om jou ontwil; dat net om in jou agting hoog te staan, ek bo die maat kon styg in deugzaamheid, in skoonheid, in rykdom, vriende. Tog is my hele self voluit bereken, sê maar: iets, wat met een woord wil sê: 'n meisie met min kennis en onervare. Maar tog is sy gelukkig! wel ook nog jonk genoeg om by te leer; gelukkiger nog is sy van aanleg so dat sy kan leer; en wat gelukkigste is sy wil haar sagte gees deur jou laat lei soos deur haar heer, haar leidsman en haar koning. Ek self en wat ek het, is nou tot jou beskikking. So pas was ek nog baas van hierdie deftige woning, baas van my bediendes, myself tot koningin; en nou hoort dit aan jou, die huis, bediendes en ek self, my heer. En by dit alles kry jy hierdie ring wat jy nie mag laat vaar, verloor of weggee, want dit sou vir jou liefde 'n ramp voorspel en my die reg gee om jou in te klim.

*Bassanio:* O jonkvrou, jy het my die spraak ontnem, nog net my bloed spreek tot jou in my are; en daar is so 'n verwarring in my gees soos by die menigte, wanneer 'n prins deur hulle bemin, 'n toespraak flink gehou het, gemompel kom van ingenomenheid, waar iets met iets versmelt totdat dit losbars in enkel wilde vreugde, verwoord of nie. Maar wanneer hierdie ring ooit hierdie vinger verlaat, dan is die lewe ook daaruit weg. Sê dan reguit, Bassanio is dood.

*Nerissa:* My heer en meesteres, nou is dit tyd vir ons wat hier gesien het hoe ons wense vervul word, om te roep: van harte geluk!

*Gratiano:* Meneer Bassanio en edele jonkvrou, ek wens julle al die vreugde wat te wens is, want ek glo vas, julle kan my niks misgun nie. En ek wil vra dat julle my toestaan om, wanneer jul huwelik bevestig word, op daardie selfde tyd getroud te raak.

*Bassanio:* Van harte graag as jy 'n vrou kan vind.

*Gratiano:* Ek dank u, heer, u het my een verskaf. My oog is net so vinnig soos u oog: u het die meesteres gesien, en ek die diensmaag; u het bemin, ook ek, want uitstel is net so vreemd vir my as dit vir u is. Was u geluk afhanklik van die kissies, wel, myne ook, soos die geval wil hê; want deur die hof te maak met bitter moeite en liefdes-ede sweer totdat my mond verdroog, het hierdie skone eindelijk vir my beloof — indien belofte standhou — haar hart en hand, mits dat haar meesteres deur u gewin word.

*Portia:* Is dit waar, Nerissa?

*Nerissa:* So is dit, jonkvrou, mits dit u geval.

*Bassanio:* En, Gratiano, meen jy dit van harte?

*Gratiano:* Van ganser harte, heer.

*Bassanio:* Jou troue sal ons huweliksfees tot eer wees.

*Gratiano:* Wie kom hier aan? Lorenzo met sy Jodin? En wie nog meer, my ou Venesiaanse vriend, Salerio?

*Lorenzo, Jessica en Salerio op.*

*Bassanio:* Lorenzo en Salerio, welkom hier; indien ek kragtens nuut-verworwe voorreg julle hier durf welkom heet. Beminlike Portia, met jou verlof bied ek my vriende en my landgenote welkom.

*Portia:* Soos ek ook wil; hulle is van harte welkom.

*Lorenzo:* Ek dank u, heer. Wat my betref, dit was nie my bedoeling om u hier te ontmoet nie; maar op die pad kom ek Salerio teë, en hy wou my trots teenpraat nie weer los nie, maar het gesmeek dat ek moes meekom.

*Salerio:* Ek het, my heer, en wel met goeie rede. Meneer Antonio laat groetnis weet.  
(*Gee Bassanio 'n brief*)

*Bassanio:* Voor ek dit oopmaak, sê my hoe Antonio vaar, my goeie vriend.

*Salerio:* Nie siek nie, heer, tensy hy in sy gees dit is; ook nie gesond nie, tensy hy in sy gees dit is. Sy brief sal u sy toestand openbaar.

*Gratiano:* Nerissa, praat met die vreemde daar, verwelkom haar — Jou hand, Salerio; hoe gaan dit in Venesië? En hoe met daardie prinselike koopman, die goeie Antonio? Hy sal verheug wees oor ons welslae hier; ons is die Jasons wat die vlies gewin het.

*Salerio:* As julle tog maar die vliese gewin 't wat hy verloor het op die see!

*Portia:* Daar moet wel slegte nuus in daardie brief wees,



dat dit Bassanio se wang laat bleek word:  
'n goeie vriend dalk dood; wat anders in  
die wêreld kan 'n ewewigtige man  
se voorkoms so verander! Wat, nog erger!  
Met jou verlot, Bassanio, ek is jou helfte,  
en ek moet helfte kry van enigiets  
wat hierdie einste brief jou meld.

*Bassanio:* Portia,  
my liefste, hier is van die naaste woorde  
wat ooit papier beklad het! Skone jonkvrou,  
toe ek die eerste maal my liefde jou  
bekend gemaak het, het ek sonder skroom  
gesê, my hele rykdom is die lewe  
wat in my are stroom — ek was opreg.  
En dit was al te waar; en tog, my skone,  
het ek my aangedien as niks-besittend,  
dan was dit grootpraat oor en oor, soos jy  
sal hoor. Toe ek gesê het dat ek niks  
besit, moes ek gesê het dat ek minder  
as niks het, want ek het 'n troue vriend  
hierin betrek om my met geld te help  
waardeur hy self verplig geword het aan  
sy vyand. En hierdie briefpapier is soos  
die liggaam van my vriend, en elke woord  
daarin 'n gapende wond waar bloed uit vloei.  
Maar is dit regtig waar, Salerio! Is al  
sy skepe heen? Geen enkele gered nie?  
Van Tripoli, Mexico en Engeland,  
van Lissabon, Barbarye en Indië?  
Nie een ontseil die skriklike stoot van rotse  
wat koopmans terg en teister?

*Salerio:* Nie een nie, heer.  
En buitendien, lyk dit, al had hy ook  
die geld om nou sy skuld te delg, dat dan  
die Jood dit nie sou neem nie. Ek ken geen skepsel  
in mensgestalte wat so graag 'n mens  
wil breek. Hy pes die doge dag en nag

en maak die vryheid van die staat tot leuen,  
as hom sy reg ontsê word. Twintig koopmans,  
die doge self en al die groot-groot koppe  
het hom te woord gestaan, maar niemand kan  
hom afkry van sy bose eis: die wet  
gehandhaaf en die borgtog gans en al.

*Jessica:* Toe ek by hom was, het ek hom hoor  
sweer  
teen Tubal en teen Chus, sy volksgenote,  
dat hy meer lus het vir Antonio  
se vleis as twintig maal die som verskuldig;  
en dit weet ek, my heer, as wet, gesag  
en mag dit nie belet, dan is die arme  
Antonio 'n bittere lot beskore.

*Portia:* Is dit jou liewe vriend wat so gedruk is?

*Bassanio:* My liefste vriend, daarby 'n man so  
uiters  
welwillend en gereed en onvermoeid  
om gunste te betoon, 'n man wat sterker  
die ou Romeinse eerbeseef bewaar  
as enigeen wat in Italië leef.

*Portia:* Hoeveel skuld hy die Jood?

*Bassanio:* Om my, drie duisend dukate.

*Portia:* Wat niks meer nie?  
Gee hom ses duisend en delg uit die skuld;  
verdubbel die som en maak dit dan nog drie maal  
so groot voordat 'n vriend met so 'n inbors  
'n haar verloor terwille van Bassanio.  
Eers kerk toe nou dat ek jou wettige vrou  
kan word, dan gaan jy na Venesië, na  
jou vriend; want nooit moet jy naas Portia vertoef  
met onrus in jou hart. Goud gee ek jou  
vir meer as twintig maal die nietige skuld.  
En bring jou vriend, as dit betaal is, mee.  
Intussen sal Nerissa en ek self

jonkvrou en weduwe wees. Kom, vort! Jy moet nog op jou troudag hiervandaan vertrek.

Wees opgeruimd en heet jou vriende welkom;

ek min jou teer, want jy is duur gekoop.

Maar laat my hoor wat in jou vriend se brief staan.

*Bassanio: (Lees).* „My goeie Bassanio, al my skepe het verongeluk, my krediteure word hard, my vermoë is op die boom, my borgtog die Jood verval; en daar dit alleen vereffen kan word deur my lewe te gee, is alle transaksies tussen jou en my uitgewis; alleen sou ek jou graag wil sien by my dood. Nogtans, geniet die lewe; en as jou liefde jou nie na my toe dryf nie, slaan geen ag op die brief nie.”

*Portia:* Maak haastig klaar, my liefste, gaan meteens.

*Bassanio:* Waar jy my toelaat om nou weg te gaan,  
sal ek my haas, maar tot ek weer hier staan,  
sal my geen bed 'n wyl verposing gee,  
of sal rus êrens grond vat tussen ons twee.

*Toneel 3. Venesië. Straat. Shylock, Salarino, Antonio en sipier.*

*Shylock:* Sipier, bewaak hom; van genade wil ek niks weet nie. Dis die stumperd wat verniet geld uitgeleen 't; bewaak hom goed.

*Antonio:* Goeie Shylock,  
luister tog.

*Shylock:* My borgtog eis ek, praat geen woord daarteen. Ek het 'n eed gesweer, dit sal vereffen word. Jy het my hond genoem nog sonder grond, maar nou dat ek 'n hond is, pas nou op vir my slagtande.

Die doge sal my reg gee. Ek wonder tog,  
niksnutsige sipier, waarom jy hom  
op sy versoek so graag na buite bring.

*Antonio:* Ag, luister tog na my.

*Sbylock:* Ek eis die volle borgtog; ek wil jou nie  
hoor praat — die volle borgtog! dus geen woord  
meer.

Ek weier om te wees 'n simpele stumperd  
wat, tranerig-week, staan kopskud, sug en toegee  
aan Christelike mooipraat. Bly weg van my,  
ek wil niks hoor, ek vra die volle borgtog.

(*Uit.*)

*Salarino:* Die ongevoeligste hond wat ooit vir hom  
by mense tuisgemaak 't.

*Antonio:* Laat staan die vent.  
Ek sal hom nie meer soebat, dis vergeefs.  
Hy soek my lewe; ek weet goed waarom:  
ek het so dikwels uit sy kloue gered  
diegene wat hul nood by my kom kla het —  
en daarom haat hy my.

*Salarino:* Die doge sal  
hom in dié saak so nooit as nooit gelykgee.

*Antonio:* Die doge moet die wet sy gang laat gaan.  
Want weiering aan vreemdes van die voorreg  
wat hulle in Venesië geniet,  
sal die vertrouwe in die staat laat wankel,  
terwyl die stad se bloeiende handel met  
die hele wêreld saamhang. Laat dit dus.  
My skade en smart het my so erg laat krimp  
dat ek nog skaars 'n pond vleis môre oor  
sal hê vir my bloedlustige krediteur.  
Vort nou, sipier. O mag Bassanio kom  
en sien dat ek sy skuld betaal, en verder  
gee ek niks om nie!

*Toneel 4. Belmont. Kamer in die huis van Portia.  
Portia, Nerissa, Lorenzo, Jessica en Balthazar  
op.*

*Lorenzo:* Mevrouw, al sê ek dit hier vlak voor u, u het 'n sin vir goddelike vriendskap, so edel en so eg, wat op sy sterkste na vore tree nou dat u man vertrek het. Maar as u wis aan wie u dit vergun, hoe waarlik edel hy is wat u vrymaak, hoe seer hy aan my heer, u man, verknog is, dan sou u nog meer trots voel oor die daad as wanneer dit uit goedheid doodgewoon was.

*Portia:* Ek was nooit spyt oor goed wat ek gedoen het, en sal ook nou nie wees nie, want daar moet wel tussen twee wat heeldag saam tyd ommaak en ewe swaar aan liefde dra, ook wees gelykenis in uiterlike trekke en in maniere en in gees; en dit bring my daarop dat hierdie Antonio wat in sy hart my man bemin, ook soos my man moet wees. As dit so is, hoe min het ek dan tog bestee om hom, my siel se ewebeeld, te red uit kloue van 'n helse wreedheid! Maar dit lyk te veel of ek myself verheerlik. Daarom hiervan geen enkel woord meer; daar is ander dinge. Lorenzo, aan jou gee ek oor my huis met al die nodige bestier en sorg totdat my man terugkom: Wat my betref, ek het 'n heimelike eed gesweer om in gebed te leef en stil oordenking, met net Nerissa by my, tot haar man terugkom, en my heer. Daar is 'n klooster geleë twee myl ver, en daar sal ons geduldig wag. Ek vra jou dringend om die opdrag te aanvaar, wat noodsaak en my liefdesaak nou op jou skouers lê.

*Lorenzo:* Mevrouw, van ganser harte sal ek doen wat u vir my in billikheid beveel.

*Portia:* Die plan is my bediendes reeds bekend, en hul sal jou en Jessica erken in plaas van heer Bassanio en myself. Vaarwel dan tot ons weer mekaar ontmoet.

*Lorenzo:* Gelukkige oorpeinsinge vir u!

*Jessica:* Mag al u hartewense waar word, edele.

*Portia:* Dank vir jou wens, en graag wens ek dieselfde vir jou ook; mag dit jou welgaan, Jessica.

*(Jessica en Lorenzo uit)*

Kyk nou, Balthazar, ek het jou altyd doodopreg gevind, laat dit ook nou so wees. Neem hierdie brief, en gaan na Padua met soveel spoed as moontlik, en oorhandig dit aan doktor Bellario self, my neef, en bring soos blits wat hy jou gee, geskryfte en kledingstukke, na die veerpont waar die handel met Venesië langs gaan. Verloor geen tyd met praat nie, maar gaan op die daad. Ek is nog voor jou daar.

*Balthazar:* Mevrouw, ek gaan so snel as doenlik is.  
*(Uit)*

*Portia:* Kom nou, Nerissa, daar is werk te doen wat jy nog niks van droom nie: ons sal hulle sien, ons mans, voor hulle aan ons dink.

*Nerissa:* Sal hulle ons sien?

*Portia:* Hulle sal, Nerissa, maar so gekleed dat hulle sal dink ons is bedeel met wat ons juis ontbreek. Ek wed jou enigets

as ons albei soos jongmans aangetrek is,  
 sal ek die mooiste ene wees, met meer  
 fatsoen my dolk dra en met breekstem praat;  
 soos in die oorgangstyd van seun tot man;  
 en van twee trippelpasse 'n manstree maak;  
 van veg praat soos 'n seun wat goed kan spog;  
 en snaakse stories opdis, van eerbare vroue  
 wat my wou hê en siek geword het en  
 gesterf het toe ek hulle afgewys het.  
 Dis nie my skuld nie — en dan sal ek gou  
 my spyt te kenne gee en wens, ondanks  
 dit alles, dat ek nie die oorsaak was  
 van hulle dood nie. En twintig sulke kluitjies  
 bak ek vir hulle, dat hulle sal glo ek het  
 die skool verlaat wel goed 'n jaar gelede.  
 Ek dink aan duisend streke van windmakers,  
 wat ek sal uithaal. Maar kom, my hele plan  
 sal ek jou sê, is ek eers in my rytuig  
 wat by die parkhek wag. Daarom laat spat,  
 ons het vandag 'n twintig myl se pad.

*Toneel 5. Dieselfde plek. 'n Tuin. Launcelot en  
 Jessica op.*

*Launcelot:* Ja waarlik, want verstaan, die sondes  
 van die vader word besoek aan die kinders; daarom,  
 by my kool, hou ek my hart vas vir jou. Ek was  
 altyd reguit met jou en daarom wys ek hoe ontsteld  
 ek hieroor is. Maar hou goeie moed, want ek dink  
 regtig dat jy verlore is.

*Jessica:* My man sal my red; hy het van my 'n  
 Christin gemaak.

*Launcelot:* Waarlik, dan het hy nog meer skuld.  
 Ons was vroeër gans genoeg, ons Christene; selfs  
 so veel as wat moontlik ordentlik kon saamlewe.  
 Hierdie Christen-makery sal die prys van varke

opjaag. As ons almal vark-eters word, dan sal ons binnekort nie 'n snytjie ham kan braai vir geld nie.

*Jessica:* Ek gaan my man vertel, Launcelot, wat jy sê. Hier kom hy.

*Lorenzo op.*

*Lorenzo:* Jy sal maak dat ek nog jaloers word op jou, Launcelot, as jy my vrou so besighou.

*Jessica:* Geen vrees vir ons nie, Lorenzo; Launcelot en ek het 'n uitval gehad. Hy sê reguit dat daar geen genade vir my in die hemel is nie, omdat ek 'n Jood se dogter is; en hy sê, jy is nie 'n goeie burger van die staat nie, want deur Jode te bekeer tot Christene, jaag jy die prys van varke op.

*Lorenzo:* (*teen Launcelot*) Kêrel, loop; sê hulle moet die ete voorberei.

*Launcelot:* Dit is gedoen meneer; almal het mos aptyt.

*Lorenzo:* Hemel, watter slim praatjies! Gaan sê dat hulle die ete klaarmaak.

*Launcelot:* Dit is ook gedoen, meneer; alleen „dek” is die woord.

*Lorenzo:* Sal jy nou gaan dek?

*Launcelot:* Nee, meneer, ook nie; ek ken my maniere.

*Lorenzo:* Nog meer spelery met woorde! Wil jy die hele skat van jou slimmigheid meteens uitskud? Ek sê jou, verstaan 'n gewone man met gewone taal, gaan sê vir die bediendes om die tafel te dek en die vleis op te sit, en dan sal ons kom eet.

*Launcelot:* Die tafel, meneer, sal gereed gemaak word; die vleis, meneer, sal „gedek” word; en



wat u inkom na die ete toe betref, meneer, laat dit so vol fratse moontlik wees.

(Uit)

*Lorenzo:* O dol verstand, hoe pas daarby sy woorde!

Die dwaas dra mee in sy geheue 'n mag van treffende woorde; 'k ken wel menige dwaas wat hoër staan, net so bedeel soos hy, wat met 'n fratsige woord die saak ontduik. Hoe voel jy, Jessica? Kom nou, my liefste, kom sê my eerlik jou gedagte: wat dink jy van heer Bassanio se vrou?

*Jessica* My woorde skiet te kort. En daarom hoort dit so dat heer Bassanio deugsam lewe; want waar sy vrou so 'n skat van seën bring, smaak hy op aarde reeds die hemelvreugde; en as hy hierin nie opreg sou wees nie, dan waarlik moes hy nooit die hemel win nie. Kyk, as twee gode 'n wedstryd sou gaan speel met inset op die spel twee aardse vroue, en een sou Portia wees, dan moet daar nog iets meer verpand wees by die ander een, want sy is sonder weerga op die wêreld.

*Lorenzo:* Wel, ek is net so 'n man vir jou as wat sy eggenote is.

*Jessica:* Vra eers wat ek dink.

*Lorenzo:* Ek sal netnou, maar laat ons eers gaan eet.

*Jessica:* Nee, wil jou prys, solank ek nog aptyt het.

*Lorenzo:* Nee, spaar dit liever vir gesels aan tafel; dan, wat jy ook mag sê, sal ek dit saam met ander goed verteer.

*Jessica:* Ek sal jou prys.

(Uit)

## BEDRYF IV.

*Toneel 1. Venesië. Geregsbof. Die Doge, Edelmanne, Antonio, Bassanio, Gratiano, Salerio en ander kom in.*

*Doge:* Hoe, is Antonio hier?

*Antonio:* Ek is gereed, Hoogedele.

*Doge:* Jammer vir jou; jy kom te woord staan hier

'n teëstander, kliphard en onmenslik,  
vir medelye onvatbaar en ontgaan  
van elke grein genade.

*Antonio:* Ek het verneem  
Hoogedele het die uiterste gedoen  
om hom op sy meedoënlose pad  
te stuit; maar waar hy so hardvogtig bly  
en waar geen mag van wet my uit sy haat  
se klou kan ruk, stel ek my lydsaamheid  
teenoor sy drif, en ek is goed gewapend  
om te verdra met 'n sagmoedige gees  
sy tirannie en toornende geweld.

*Doge:* Gaan sê die Jood om in die hof te kom.

*Salerio:* Hy staan daar voor die deur, hy kom,  
Hoogedele.

*Shylock binne.*

*Doge:* Gee pad dat hy reg voor ons hier kan staan.  
Shylock, die mense dink, en so ook ek,  
dat jy jou weg van boosheid gaan net maar  
tot by die laaste grens, en dan, so word  
gemeen, sal jy genade en meedoë  
op vreemder wyse openbaar as wat  
jou skynbare wreedheid vreemd is. En waar jy nou  
die boete eis, wat 'n pond vleis is van

die arme koopman hier, so word geglo,  
sal jy nie net van die verbeurte afsien,  
maar ook, geroer deur menselike liefde,  
die geldskuld om 'n deel sal kwytskeld, met  
die oog gerig op sy verliese wat  
op hom swaar neergesak het kort gelede,  
genoeg om 'n edel koopman plat te druk  
en medelye met sy lot te ruk  
uit koue en growwe siele soos van klip,  
uit koppige Turke en Tartare wat  
nooit sagte hoflikheid geleer het nie.  
Ons almal wag op gunstige antwoord, Jood.

*Sbylock:* Ek het U Edele my wil gesê  
en het gesweer, ja by ons heilige Sabbat,  
om te verkry voluit wat aan my toekom.  
As u dit weier, stort dan in gevaar  
u grondwet en die vryheid van die stad.  
Vra u my waarom ek 'n stuk dooi vleis  
eerder wil neem as drie duisend dukate:  
daarop sal ek die antwoord skuldig bly,  
of sê maar omdat ek my sin wil hê —  
is dit voldoende antwoord? Gesteld 'n rot  
doen skade in my huis en ek wil gee  
tien duisend dukate om hom uit te roei!  
Is u nou al tevrede met my antwoord?  
Daar's mense wat die oopbek-varke op tafel  
nie kan verdra nie; ander weer word woedend  
as hulle 'n kat gewaar; nog ander raak  
skoon buite hulleself van 'n doedelsak  
se klaaghuil; want die sinne-indruk wat  
beheer het oor die drifte, laat hulle doen  
al na hy van iets hou of dit verafsku.  
Wat nou die antwoord aangaan wat u vra:  
soos niemand weet met sekerheid waarom  
die een 'n oopbek-varke nie kan verdra nie,  
die ander weer geen kat nie, wat tog so  
onskuldig en onmisbaar is, en nog  
'n ander geen doedelsak met wol oortrek,

maar onvermydelik die skande oorkom  
van aanstoot te moet gee en vir homself  
tot aanstoot te moet wees, so kan en wil  
ek ook geen rede gee nie, anders as  
'n ingewortelde haat en halwe afsku  
wat ek teen die Antonio in my omdra,  
en daarom teen hom hierdie saak wat my  
tot nadeel is. Is dit voldoende antwoord?

*Bassanio:* Om die vaartdrif van jou wreedheid  
goed te praat,  
is nog geen antwoord, jou verharde mens.

*Shylock:* Ek hoef jou met my antwoord nie te  
streel nie.

*Bassanio:* Maak almal die ding dood, wat hulle  
haat?

*Shylock:* Wie haat die ding wat hy nie wou  
verdelg nie?

*Bassanio:* Haat is tog nie begin van elke grief nie.

*Shylock:* Sal jy jou twee maal van 'n slang laat byt?

*Antonio:* Onthou tog dat jy met die Jood staan twis.  
'n Mens kan net sowel aan strand gaan staan  
en vir die golwe sê om laer as  
gewoonlik op te styg; of net sowel  
die wolf gaan vra waarom hy so gemaak het  
dat om haar lam die ooi moet staan en blêr;  
of net sowel die berge se hoë denne  
verbied dat hulle die krone swaai en ruis  
wanneer die kwaai rukwinde hulle gryp.  
'n Mens kan net sowel die hardste ding doen  
as om sy Joodse hart — en wat op aarde  
is harder? — te wil probeer tot sagtheid dwing.  
En daarom vra ek jou dat jy geen aanbod  
meer doen en afsien van elk ander middel,  
maar laat langs kortste wettelike weg  
die uitspraak kom en laat die Jood sy sin kry.

*Bassanio:* Vir jou drie duisend dukate is hier ses.

*Shylock:* As elke dukaat van ses duisend dukate in ses dele sou wees en elke deel 'n dukaat, dan sou ek dit nie neem nie, ek eis voluit wat die borgtog my laat toekom.

*Doge:* Kan jy genade verwag waar jy niks gee nie?

*Shylock:* Moet ek 'n vonnis vrees waar ek g'n kwaad doen?

Jul hou gekoopte slawe aan wat julle, net soos jul esels en jul honde en muile, gebruik om al jul vuil werk te verrig, want hulle is mos gekoop. Moet ek nou sê vir julle: maak hulle vry, laat hulle trou met julle erfgename? Waarom moet hulle van swaar dra sug en sweet? Laat hulle beddens sag wees soos julle syn en laat hul monde ook sulke lekker kosse smaak? Julle sal dié antwoord gee: die slawe is eiendom. Wel, so sal ek nou antwoord: die pond vleis wat ek van hom verlang, is duur gekoop; dit is my eiendom, ek wil dit hê. Word dit geweier, dan skande oor julle wet! Dan is die wette van die staat van nul en gener waarde. Ek wag op die beslissing: antwoord — word my die eis nou toegestaan?

*Doge:* Dis in my mag om hierdie hof te ontbind, tensy Bellario, 'n geleerde doktor, wat ek laat roep het om in hierdie saak uitspraak te doen, vandag hier opdaag.

*Salerio:* Hoogedele, hier buite wag 'n bode met briewe van die doktor — hy kom van Padua.

*Doge:* Bring die briewe na my en roep die bode.

*Bassanio:* Hou goeie moed,  
Antonio! Ek sê jou, kêrel, hou net moed!  
Die Jood kry al my vleis, bloed, bene, alles,  
voor jy om my 'n druppel bloed verloor.

*Antonio:* Ek is 'n bevlekte hamel van die kudde,  
geskikste om te sterwe. Die swakste soort  
van vrug val eerste af; laat my so wees.  
Daar is geen beter werk vir jou, Bassanio,  
as verder lewe en my grafskrif skrywe.

*Nerissa verskyn gekleed as advokaatsklerk.*

*Doge:* Kom jy van Padua, van Bellario?

*Nerissa:* Van albei, my heer. Bellario groet  
Hoogedele.

*Oorhandig 'n brief.*

*Bassanio:* Wat slyp jy tog jou mes so danig, mens?

*Shylock:* Om vleis te sny uit daardie kale rot.

*Gratiano:* Nie op jou skoensool nie, maar op jou  
siel,  
klip van 'n Jood, slyp jy die mes; maar geen  
metaal, ook nie die beul se byl, is half  
so skerp soos jou vlymende haat. Kan geen  
smeekbede jou deurdring nie?

*Shylock:* Geeneen wat jy  
verstand genoeg voor het om uit te dink.

*Gratiano:* O jou vervloekte hond! Dit is 'n  
aanklag  
teen die geregtigheid dat jy nog lewe.  
Jy laat my byna wankel in my geloof,  
dat ek wil saamstem met Pythagoras  
wat meen dat diersiele tuiste maak  
in menseliggaam. Jou hondse gees was eers  
'n wolfmens syn, van wie die wrede siel,  
toe hy vir mensmoord opgehang is, van

die galg gevlug het en in jou gaan woon het,  
waar jy in sondige moedersbuik gelê het,  
want jou begeerte-drifte is so gans  
van wolfse aard, bloeddorstig en verslindend.

*Sbylock:* Tot jy die seël kan wegvloek uit die  
borgtog,  
verniet jy net jou longe deur te raas.  
Versorg tog jou verstand, my jonge, voor  
dit ongeneesbaar in verderf verval.  
Ek wil net van die wet weet.

*Doge:* Die brief hier van  
Bellario beveel aan vir die hof  
'n jong, geleerde doktor. Waar is hy?

*Nerissa:* Hy wag hier digteby om te verneem  
of u hom toegang tot die hof verleen.

*Doge:* Van ganser harte. Laat drie of vier van  
julle  
hom hierheen begelei op waardige wyse.  
Bellario se brief word nou ge lees.

*Klerk: (lees)* „U Edele sal verstaan dat ek by  
ontvangs van u brief erg ongesteld is. Maar op die  
oomblik toe u bode aangekom het, was daar by my  
op vriendskaplike besoek 'n jong doktor van Rome;  
sy naam is Balthazar. Ek het hom bekend gemaak  
met die regsgeeding tussen die Jood en Antonio,  
die koopman. Ons het saam baie boeke nageslaan;  
hy is bekend met my opinie wat, versterk deur sy eie  
geleerde insig waarvan ek die voortrefflikheid nie  
genoeg kan aanbeveel nie, met hom meegaan,  
waar ek in gebreke bly, sodat hy as my plaasver-  
vanger aan U Edele se versoek kan voldoen. Ek vra  
u, laat sy jonkheid geen hindernis wees om hom die  
nodige eerbied en waardering te laat toekom nie,  
want ek het nêrens so 'n jong liggaam met so 'n ou  
kop teëgekome nie. Ek vertrou hom u welwillendheid

toe, terwyl die wyse waarop hy die saak waarneem, sy aanbeveling in gunstige lig sal stel.”

*Doge:* Julle hoor wat die geleerde Bellario skrywe. En hier, meen ek, verskyn die dokter nou.

*Portia kom in, gekleed soos 'n dokter in die regte.*

Gee my u hand. Kom u van ou Bellario?

*Portia:* Ja wel, my heer.

*Doge:* Wees welkom; neem u plek. Is u bekend met die geskil wat nou hier voor die hof gelê word vir beslegting?

*Portia:* Ek is ten volle met die saak bekend. Wie is die koopman hier en wie die Jood?

*Doge:* Antonio en ou Shylock, kom na vore.

*Portia:* Is jou naam Shylock?

*Shylock:* Shylock is my naam.

*Portia:* Jou saak is vreemd van aard, maar tog so wettig

dat die Venesiaanse wet jou nie terug kan hou om daarmee voort te gaan nie. (*Teen Antonio*).

Hy het jou in sy mag in vas, nie waar nie?

*Antonio:* Ja, so sê hy.

*Portia:* En jy erken die borgtog?

*Antonio:* Ja wel.

*Portia:* Dan moet die Jood genadig wees.

*Shylock:* Wat kan my daartoe dwing? kom sê my dit.

*Portia:* Genade is na sy wese vry en gul, dit val soos sagte reën vanuit die hemel neer op die aarde; dit's dubbel ryk aan seën;



dit seën sowel die gewer as ontvanger.

Die magtigste se grootste mag, staan dit die hoë heerser beter as sy kroon.

Sy septer is simbool van aardse mag, die eienskap van volle majesteit waarin ontsag en vrees vir konings rus; maar meer as mag van septers is genade, dit's in die hart van konings ingebou en in die wese van God self gegrond; en aardse mag is naaste aan die van God as in geregtigheid genade werk.

En daarom, Jood, al staan jy ook op reg, dink net dat volgens reg geeneen van ons gered sou word nie; ons bid steeds om genade, en dié gebed self leer ons om aan ander genade te bewys. Ek het so baie gepraat dat jy jou harde eis versag. Maar as jy daarop staan, moet hierdie strenge hof 'n uitspraak teen die koopman gee.

*Sbylock:* My dade op my hoof! ek vra die wet se eis, die boete en wat daarmee verbeur is.

*Portia:* Kan hy dan nie die volle som betaal nie?

*Bassanio:* Ja, hier bied ek dit aan, hier in die hof; ja, dubbel die som; as dit nog nie genoeg is, verplig ek my tot tien maal daardie som en gee as pand my hande, hoof en hart. As dit nog nie genoeg is, wys dit net dat bose opset hier opregtheid platdruk. Ek bid u, laat die wet net een keer buk voor u gesag, bewerk met klein-verkeerd die groter reg, en toom met vaste stang die wil van hierdie wrede duiwel in.

*Portia:* Dit kan nie; in Venesië is geen mag wat ingestelde staatswet kan verander; dit sal as presedent bly staan en met dieselfde voorbeeld sal die regspraktyk een na die ander fout begaan — dit kan nie.

*Sbylock:* 'n Daniël gee die uitspraak, ja 'n Daniël!  
O wyse, jeugdige regter, ek roem u hoog.

*Portia:* Laat my die borgtog onder oë kry.

*Sbylock:* Hier is dit, waardige doktor, hier is dit.

*Portia:* Shylock, drie maal die som word jou gebied.

*Sbylock:* My eed, ek het 'n eed voor God gesweer, sal ek my siel aan meineed skuldig maak? Nie om Venesië.

*Portia:* Wel, dit is verbeur.  
Op grond hiervan kan wettiglik die Jood beslag lê op 'n pond vleis wat hy so na as moontlik aan die koopman se hart mag uitsny. Wees genadig en neem drie maal jou geld, en laat my dan die borgtog opskeur.

*Sbylock:* As dit betaal is volgens woord en letter. Dit blyk dat u 'n edel regter is; u ken die wet en het dit uitgelê korrek en grondig. In naam van hierdie wet wat u met soveel eer tot steun is, roep ek u nou op: gee uitspraak. By my siel sweer ek, geen mensetong het mag om my hier af te kry nie — op my borgtog staan ek.

*Antonio:* Ek vra in alle opregtheid dat die hof nou uitspraak doen.

*Portia:* Welaan, dan is dit so:  
jy moet jou bors gereed maak vir die mes.

*Sbylock:* O edel regter! Jong heer, o voortreflik!

*Portia:* Want gees en strekking van die wet wys dat die boete-in-vleis geregtelik gegrond is en soos gestipuleer betaal moet word.

*Sbylock:* - Dis waar! O wyse en regverdige regter!  
Hoeveel is u tog ouer as wat u lyk!

*Portia:* Daarom, ontbloot jou bors.

*Sbylock:* Ja, sy bors —  
so sê die stuk; nie waar nie, edele regter?  
„Naasaan sy hart” — dit is die juiste woorde.

*Portia:* Dit is. Het jy 'n skaal hier om die vleis  
te weeg?

*Sbylock:* Ek het dit hier.

*Portia:* Sorg vir 'n dokter, Shylock, op jou koste,  
om bloed te stop, sodat hy hom nie doodbloei.

*Sbylock:* Is daar miskien so iets gestipuleer?

*Portia:* Nie so uitdruklik nie, maar wat daarvan?  
Soveel barmhartigheid sou seker meeval.

*Sbylock:* Ek vind dit nie, dit staan nie hier ver-  
meld nie.

*Portia:* Kom, koopman, is daar iets wat jy wil sê?

*Antonio:* Heel min; ek het my deeglik voorberei.  
Gee my jou hand, Bassanio, leef gelukkig!  
Treur nie dat ek om jou hierin beland het,  
want hierin gun die Lot my meer genade  
as hy gewoonlik gee. Dit is altyd  
nog sy manier van doen dat 'n arme mens  
sy rykdom oorleef en dan sy dag van armoed  
aanskou met ingesonke oog en voorhoof  
vol plooië; maar nou ruk hy my weg uit  
'n staat van so 'n durende ellende.  
Neem mee my groete aan jou edele vrou;  
vertel haar hoe Antonio gesterf het,  
hoe ek jou liefgehad het, en praat mooi  
van my, die dode; en as sy alles weet,  
laat sy dan oordeel of Bassanio een maal  
nie ware liefde ondervind het nie.

Wees nie bedroef omdat jy my verloor nie,  
so min as ek dat ek jou skuld betaal,  
want as die Jood net diep genoeg gaan sny,  
sal ek dit gou betaal met heel my hart.

*Bassanio:* Antonio, ek is met 'n vrou getroud,  
my net so dierbaar soos die lewe self,  
maar die lewe self, my vrou, die hele wêreld,  
stel ek nie hoër as jou lewe nie:  
ek sou dit alles prysgee, almal, alles  
aan hierdie duiwel gee, om jou te red.

*Portia:* Jou vrou sou jou hieroor min dank betoon  
as sy hier was om dit van jou te hoor.

*Gratiano:* Ek het 'n vrou wat ek waaragtig liefhet:  
tog wens ek dat sy in die hemel was,  
dan kon sy een of ander gees met bid  
daar oorhaal om die hond van 'n Jood te matig.

*Nerissa:* Dis goed dat jy dit sê agter haar rug;  
die wens kon anders onrus in die huis bring.

*Sbylock:* So is die Christenmans! Ek het 'n  
dogter —  
dat enigeen uit Barrabas se bloed  
haar man gewees het liewer as 'n Christen! —

(*Tersy*). Ons mors nou tyd; ek vra u, gaan nou  
voort  
met vonnis spreek.

*Portia:* 'n Pond van daardie einste  
koopman se vleis is joue; die hof ken jou  
dit toe, die wet erken dit.

*Sbylock:* Regverdigste regter!

*Portia:* En uit sy bors moet jy die vleis uitslag.  
Die wet en hof albei staan jou dit toe.

*Sbylock:* Geleerdste regter! 'n Vonnis! Kom  
maak jou klaar!

*Portia:* Wag 'n bietjie; daar is nog iets anders.  
Die stuk hier gee jou nie 'n druppel bloed nie;  
die woorde is uitdruklik: „'n pond vleis.”  
Vat dan jou borgtog, jou pond vleis, vat dit,  
maar as jy met die uitsny net 'n druppel  
Christelike bloed vergiet dan word,  
soos die Venesiaanse wet bepaal,  
wat jy besit die staat se eiendom.

*Gratiano:* Regverdige regter! Hoor Jood!  
Geleerde regter!

*Shylock:* Is dit die wet?

*Portia:* Wat in die Wet bepaal is,  
sal jy self sien, want waar jy staan op reg,  
kan jy versekerd wees dat jy reg sal  
geniet, meer as wat jy graag sal wil hê.

*Gratiano:* O geleerde regter! Hoor, Jood! 'n  
geleerde regter!

*Shylock:* Dan neem 'k die aanbod: betaal drie  
maal die som,  
en laat die Christen vry wees.

*Bassanio:* Hier is die geld.

*Portia:* Wag 'n bietjie!  
Die Jood kry al sy reg; wag net! geen haas;  
hy kry niks meer as net die boete-in-vleis.

*Gratiano:* O Jood! 'n regverdige regter!  
geleerde regter!

*Portia:* Daarom, maak jou gereed om die stuk  
vleis  
nou uit te sny. Vergiet geen bloed en sny  
niks meer of minder as net 'n pond; en sny  
jy meer of minder as net 'n pond — al is  
dit maar soveel as wat dit swaarder maak  
of ligter met een-twintigste van 'n enkel  
grein of met 'n deel van een uit twintig

dele van 'n grein, ja as die skaal  
beweeg selfs net soveel as van 'n haar —  
dan sterf jy, en die staat neem al jou goed.

*Gratiano:* 'n Tweede Daniel, ja 'n Daniel, Jood!  
Nou, ongelowige, nou het ek jou  
vas in my hande.

*Portia:*                    Waarom talm die Jood?  
Toe, neem wat wettig aan jou toegestaan word.

*Shylock:* Gee net my kapitaal en laat my gaan.

*Bassanio:* Ek het dit hier gereed vir jou, ek het.

*Portia:* Hy het dit voor die hele hof geweier;  
hy kry alleen sy reg en sy pond vleis.

*Gratiano:* 'n Daniel, nog sê ek, 'n tweede  
Daniel! —

Dank, Jood, dat jy my daardie woord geleer het.

*Shylock:* Kry ek nie eens my kapitaal terug nie?

*Portia:* Jy kry alleen die vleis aan jou verbeur,  
wat jy mag neem op eie risiko, Jood.

*Shylock:* Goed, laat hom dan die duiwel aan-  
beveel wees!

Ek gaan, geen argumente meer.

*Portia:*                    Wag, Jood:  
die wet het nog 'n verdere vat op jou.  
Die wette van Venesië bepaal:  
as dit bewys word dat 'n vreemdeling  
regstreeks of onregstreeks dit aanlê op  
die lewe van 'n burger, dan sal diegene  
teen wie hy sulke planne maak, besit  
neem van die helfte van sy goed; die res  
kom in die staatskas; en die skuldige  
se lewe hang aan die genade van  
die Doge wat alleen daarvoor beslis.  
En ek verklaar, jy is in so 'n knyptang,  
want uit jou optree blyk dit duidelik

dat jy onregstreeks en ook regstreeks op die lewe van verweerder aangelê het en op jou hals gehaal het die gevaar wat ek netnou hier in die hof genoem het. Kniel dus en smee die Doge om genade.

*Gratiano:* Smeek om jouself te mag gaan ophang, Jood.

En tog, waar jou vermoë aan die staat verbeur is, het jy nie die waarde van 'n riem, en daarom moet jy op die staat se koste hang.

*Doge:* Om jou te wys hoe anders ons van gesindheid is, skenk ek vir jou die lewe voor jy om genade smee. Antonio kry die helfte van jou goed, die staat die ander helfte wat miskien 'n boete word as jy genade vra.

*Portia:* Ten bate van die staat, nie van Antonio.

*Shylock:* Nee, neem my lewe, alles — spaar ook dit nie.

U neem my huis as u hom van die steun beroof, wat hom moet dra; u neem my lewe as u die dinge neem, waarvan ek leef.

*Portia:* Hoeveel genade gee jy hom, Antonio?

*Gratiano:* 'n Riem verniet, niks meer in hemelsnaam.

*Antonio:* As dit my heer die Doge en die hof gelief om kwyt te skeld die boete vir een helfte van sy goed, is ek tevrede; dan laat hy my die ander helfte kry om te bewaar en na sy dood te gee aan hom wat kort gelee sy dogter geskaak het, met hierdie dubbele voorbehoud: dat om dié guns hy dadelik 'n Christen word, en verder, dat hy hier 'n akte in

die hof laat optrek waarin hy sy hele vermoë bemaak as hy te sterwe kom, aan sy seun Lorenzo en sy dogter.

*Doge:* Hy moet of ek herroep wat ek hier kwytskeld het.

*Portia:* Is jy tevrede, Jood? Wat sê jy hiervan?

*Shylock:* Ek is tevrede.

*Portia:* Klerk, skryf 'n skenkingsakte.

*Shylock:* Ek vra die hof om my nou te laat gaan, ek voel onwel; stuur die dokument agter my aan — ek onderteken dit.

*Doge:* Gaan dan, maar doen dit.

*Gratiano:* As jy gedoop word, sal jy twee pete hê; was ek die regter, dan sou jy twaalf gehad 't om jou te lei nie na die doopvont nie, maar na die galg.

(*Shylock uit*)

*Doge:* Meneer, ek nooi u na my huis vir ete.

*Portia:* Ek vra U Edele om my te verskoon: ek moet vannag die weg na Padua gaan, en daarom moet ek dadelik begin.

*Doge:* My spyt dat u dit ongeleë vind Antonio, sorg dat hierdie heer beloon word want jy is, glo ek, hom veel dank verskuldig.

(*Doge, Edelmanne en gevolg uit*)

*Bassanio:* Geagte heer, jou wysheid het my vriend en my vandag van sware straf onthef; en daarvoor bied ons jou drie duisend dukate wat na die Jood moes gaan, om as vergoeding te dien vir al jou welgesinde arbeid.

*Antonio:* En bowe en behalwe dit bly ons jou skuldenaars in liefdediens vir altyd.



*Portia:* Voldoening is vanself 'n goeie beloning. Ek is voldaan dat ek vir julle kon uithelp, en vind dat ek reeds daardeur goed beloon is: ek was nooit meer as nou bedag op wins nie. Herken my tog as julle my weer ontmoet. Ek wens julle alle heil en neem so afskeid.

*Bassanio:* Geagte heer, ek word genoop om jou 'n verdere aanbod te maak: neem mee van ons iets ter herinnering, as blyk van hulde, nie as betaling nie. Vergun my tog twee dinge: om dit nie van die hand te wys nie, en my dit te vergewe.

*Portia:* Jy druk my hard, en daarom sal ek toegee.

(*teen Antonio*). Gee my jou handskoene, dat ek hulle dra om jou ontwil.

(*Teen Bassanio*). En om jou liefde neem ek hierdie ring van jou; trek nie jou hand terug, ek neem niks meer nie; jy sal my dit nie weier nie om jou liefde.

*Bassanio:* Die ring, my heer, is maar 'n kleinigheid!  
En tog skaam ek my nie om dit te gee nie.

*Portia:* Niks anders as net dit sal ek wil hê, en glo nou regtig, ek het sin daarin.

*Bassanio:* Daar kleef meer aan die ring as net die waarde.  
Ek wil jou gee die duurste ring in Venesië, wat ek sal vind deur in die stad alom my wens bekend te maak. Ek bid jou, heer, om net van hierdie ene af te sien.

*Portia:* Ek merk jy is rojaal met aanbod maak: jy het my eers leer bedel; nou, lyk dit, leer jy my om 'n bedelaar te antwoord.

*Bassanio:* My goeie heer, my vrou het my dié ring gegee en by die aansit het sy my laat sweer dat ek dit nooit sal weggee of verloor of ook verkoop nie.

*Portia:* Daardie uitvlug help baie mans om hul geskenke te red. Maar as jou vrou wel by haar sinne is en weet hoeseer ek hierdie ring verdien het, sal sy nie aanhou kwaad wees omdat jy my dit gegee het nie. Wel, alle heil!

(*Portia en Nerissa uit*)

*Antonio:* My goeie Bassanio, gee hom maar die ring; laat sy verdienste en daarby my liefde gestel word teen jou vrou se hoë gebod.

*Bassanio:* Loop, Gratiano, loop hom agterna; gee hom die ring en bring hom, as jy kan, na Antonio se huis; gou, vort, loop soos die wind.

(*Gratiano uit*).

Kom, jy en ek gaan dadelik daarheen en môre-oggend vroeg jaag ons albei na Belmont toe; kom nou, Antonio, kom.

(*Albei uit*)

*Toneel 2. 'n Straat. Portia en Nerissa verskyn, verkleed soos voorheen.*

*Portia:* Gaan soek die Jood se huis, gee hom die akte, laat hy dit teken; ons vertrek vannag en sal tuis wees 'n dag voordat ons mans kom. Dié akte sal Lorenzo groot plesier gee.

*Gratiano op*

*Gratiano:* My heer, mooi so dat ek u ingehaal het. My heer Bassanio, na meer beraad, stuur hierdie ring vir u en smeeek u om die ete te kom nuttig saam met hom.

*Portia:* Dit kan nie. Maar sy ring aanvaar ek dankbaar.

Gaan sê hom dit, en verder vra ek jou: wys vir my klerk tog waar ou Shylock woon.

*Gratiano:* Dit sal ek doen.

*Nerissa:* Meneer, 'n woord met jou —

*(Tersy teen Portia)*

Ek wil my man se ring probeer afrokkel, wat 'k hom laat sweer het om altyd te dra.

*Portia:* *(Tersy teen Nerissa).*

Probeer dit, regtig. Hulle sal nog hoog en laag kom sweer dat hulle die ringe aan mans gegee het. Maar ons sal hulle nog koudlei en met sweer oortroef. *(Hard-op).* Maak gou, jy weet waar ek jou wag.

*Nerissa:* Kom, goeie heer, kom wys my nou die huis.

*(Almal uit)*

## BEDRYF V.

*Toneel 1. Belmont. Laan wat lei na Portia se huis.  
Lorenzo en Jessica op.*

*Lorenzo:* Die maan skyn helder; in so 'n nag soos hierdie,  
toe die geur'ge wind die bome sag gestreel het  
en hulle geen geluid gemaak het nie,  
in so 'n nag, glo ek, het Troilus Troje  
se mure bestyg en sy verliefde sugte  
gestuur oor na die Griekse tente waar  
Kressida toe geslaap 't.

*Jessica:* In so 'n nag  
is Thisbe vrees-bevang die douveld oor,  
het sy die leeu se skaduwee gewaar  
nog voor sy hom gesien het, en verskrik  
huis toe gevlug.

*Lorenzo:* In so 'n nag het Dido  
met 'n wilgtak in haar hand gestaan daar op  
die woeste see se rotskus en haar minnaar  
gewuif dat hy terugkeer na Karthágo.

*Jessica:* In so 'n nag het Medéa kruid gepluk  
wat sy betoor het en waarvan ou Aeson  
weer jonk geword het.

*Lorenzo:* In so 'n nag het Jessica  
van die ryk Jood af weggeloop en met  
'n niksnuts van 'n minnaar uit Venesië  
gevlug tot hier by Belmont.

*Jessica:* In so 'n nag  
het jong Lorenzo vuriglik betuig  
dat hy haar liefhet, en haar hart gesteel  
met eed op eed van trou, terwyl geeneen  
opreg was.

*Lorenzo:* In so 'n nag het skone Jessica soos 'n duiwelinnetjie haar minnaar beskimp, en hy het haar 't vergewe.

*Jessica:* Ek sou die nag graag hier met jou wil deurbring as daar niemand sou kom, maar wag ek hoor 'n man se voetstap.

*Stephano op.*

*Lorenzo:* Wie kom so haastig in die nag se stilte?

*Stephano:* 'n Vriend?

*Lorenzo:* 'n Vriend! maar watter vriend? Jou naam dan tog?

*Stephano:* Stephano is my naam; ek bring die boodskap:  
my meesteres sal hier op Belmont wees voor dagbreek. Sy dwaal by heilige kruise om en kniel en bid om seën en geluk in haar getroude lewe.

*Lorenzo:* Wie is by haar?

*Stephano:* Alleen 'n vrome kluisenaar en haar geselskapsjuffrou. Sê tog, het my heer al tuisgekom?

*Lorenzo:* Nog nie — ook nog geen tyding. Kom, Jessica, ons gaan binne om te sorg dat vir die huis se meesteres 'n welkom behoorlik en reg deftig voorberei word.

*Launcelot op.*

*Launcelot:* Hei, ha! woha! ho ha! ho!

*Lorenzo:* Wie roep?

*Launcelot:* Hoha! Het jy heer Lorenzo gesien? Hoha! heer Lorenzo!

*Lorenzo:* Hou op met hoha, kêrel: hier.

*Launcelot:* Hoha! waar? waar?

*Lorenzo:* Hier.

*Launcelot:* Sê hom, daar het tyding gekom van my heer, 'n horing vol goeie nuus; my heer sal hier wees voor dagbreek. (Uit)

*Lorenzo:* My liefste, laat ons ingaan en hul afwag. En tog waarom? Ja waarom sal ons ingaan? My vriend Stephano, gaan tog sê daarbinne jou meesteres is aan die kom, en bring saam jou musiek na buite in die naglug.

(*Stephano uit*)

Hoe soet rus op die blombed hier die maanlig!  
Hier gaan ons sit, en laat die klanke van musiek ons ore streel; klank-harmonie pas by die nag en ongerepte stilte.  
Sit, Jessica. Aanskou die hemelvelde, patene skittergoud dig ingelê;  
en selfs die kleinste ster wat jy kan sien, is soos 'n engel op sy gang aan sing, mee ingestem met gérubs ewig jonk van blik. Sodanig is die harmonie van siele onsterflik, maar solank die siel in aards-onsuiwer liggaamkleed gevang sit, kan ons sy suiwere tone nie verneem nie.

(*Musikante op*)

Kom nou en wek Diana met 'n lied!  
Laat soetste tone nou jul meesteres teruglei na haar tuiste.

*Jessica:* Soet melodieë maak my nooit plesierig.

*Lorenzo:* Dit kom van al te veel die aandag spits. Want kyk maar net na 'n speelsiek, wilde kudde, of jong en ongeleerde perde aan hardloop, wat dolle spronge maak met luid gerunnik,

die wilde drang van hul verhitte bloed —  
as hulle miskien net 'n trompet hoor blaas  
of enige soort musiek hul ore gryp,  
sal jy hul almal sien tot stilstand kom,  
hul woeste blik versag tot mak gestaar  
deur die soet gevele van musiek. Daarom vertel  
die digter, Orfeus het die bome en rotse  
en ook die strome agter hom laat aankom;  
want daar is niks hoe hard of eiesinnig  
of toornend ook wat nie 'n wyle deur  
musiek se werking anders word. Die man  
wat in sy siel glad geen musiek besit nie  
of nie geroer word deur die harmonie  
van skone klanke, hom pas verraad en fyn  
bedrog en roof; sy gees is traag van gang  
net soos die nag, en sy gesindheid duister  
soos nag. Vertrou hom nie. Hoor die musiek.

*Portia en Nerissa op.*

*Portia:* Die lig wat ons daar sien, brand in my  
halle.

Hoe vèr skiet hy sy strale uit, die kersie!  
So skyn 'n goeie daad in 'n bose wêreld.

*Nerissa:* Toe die maan geskyn het, was g'n kers  
te sien nie.

*Portia:* So maak die groter eer die mindere dof:  
'n plaasvervanger skyn so helder soos  
'n koning tot 'n koning kom; dan maak  
sy waardigheid hom leeg, net soos 'n stroom  
wat al sy water in die groot vloed stort.  
Hoor die musiek!

*Nerissa:* U eie musiek, mevrou.

*Portia:* Niks is goed, glo ek, sonder te pas.  
Ek dink dit klink veel skoner as by dag.

*Nerissa:* Die stilte gee dit daardie deug, mevrou.

*Portia:* Die kraai sing net so lieflik soos die leeurik,  
as niemand luister, en die nagtegaal,  
meen ek, as hy by dag sou sing, wanneer  
die ganse snater, sou nie meer beteken  
as die geringste sangvoël. Hoe baie dinge  
word deur geleentheid eers in staat gestel  
om in hul egte waarde uit te blink!  
Wag, stil! die maan slaap by Endymion  
en wil nie gewek word nie.

(*Musiek hou op*)

*Lorenzo:* Dis Portia wat  
daar praat, of ek moet my tog erg misgis.

*Portia:* Hy ken my, soos die blinde man die  
koekoek,  
aan die nare stem.

*Lorenzo:* Skone, welkom tuis.

*Portia:* Ons het gebid om welstand vir ons mans  
met wie dit daarom, soos ons hoop, wel des  
te beter gaan. Is hulle terug?

*Lorenzo:* Mevrou,  
nog nie terug nie, maar 'n bode het  
voortgeloop om hulle koms te meld.

*Portia:* Gaan in, Nerissa, sê vir my bediendes  
dat hul g'n woord mag rep aangaande ons  
afwesigheid; Lorenzo, en ook jy nie;  
en Jessica, ook jy nie.

(*Trompetstoot*)

*Lorenzo:* U man kom aan,  
dis sy trompet. Ons praat nie uit die skool nie,  
mevrou, wees hieroor heeltemal gerus.

*Portia:* Dit lyk my, hierdie nag is maar die daglig  
wat krank is, weinig bleker; dis 'n dag  
soos dag vertoon wanneer die son verskuil is.



(*Bassanio, Antonio, Gratiano en gevolg op.*)

*Bassanio:* As julle wil loop noudat geen son kan skyn nie,  
dan moes ons dag hê op dieselfde tyd  
as ons teëvoeters.

*Portia:* Laat my lig gee, maar laat my nie lig wees nie want 'n vrou wat lig is, word oorsaak van 'n man met swaar gemoed, en so moet nooit vir my Bassanio wees nie. Maar God beskik oor alles! Welkom, man.

*Bassanio:* Jou dank ek, vrou. Verwelkom nou my vriend:  
dit is die man, Antonio, aan wie ek so oneindig veel verskuldig is.

*Portia:* Met reg moet jy hom veel verskuldig wees,  
want, ek verstaan, hy was om jou strafskuldig.

*Antonio:* Nie meer as waar ek mooi van vry-gesprek is.

*Portia:* Meneer, u is van harte welkom hier. Dit moet wel anders as uit woorde blyk, en daarom is ek arm aan welkom-woorde.

*Gratiano:* (*Teen Nerissa*) By daardie maan sweer ek, jy doen my onreg.  
Sowaar, ek het 't die regter se klerk gegee. Wat my betref, kon hy wat dit gekry het, maar liever dood wees, liefste, noudat jy dit so ter harte neem.

*Portia:* Nou al 'n rusie!  
Nou al! Wat is verkeerd?

*Gratiano:* Dis oor 'n ronde stukkie goud, 'n nietige ring wat sy vir my gegee het, met die spreuk presies soos dié is van 'n messemaker op 'n mes: „Bemin my en verlaat my nie”.

*Nerissa:* Wat sukkel jy dan tog met spreuk of waarde?

Jy het gesweer toe ek jou dit gegee het, jy sal dit dra tot in jou laaste uur, en dit sal met jou in die graf gaan lê.

Al was dit nie om my, dan moes jy op jou vurige ede meer gelet het en die ring gehou 't. Die regter se klerk gegee! nee! God hoor my, op daardie klerk se bakkies sal baard nooit groei nie.

*Gratiano:* Wel seker, as hy lewe tot hy 'n man geword het.

*Nerissa:* Wel seker, as 'n vrou sal lewe tot sy man geword het.

*Gratiano:* Sowaar, gegee het ek dit aan 'n jongman, nog maar half seun, klein boonop en versukkeld, niks langer as jy self, die regter se klerk — 'n babbelseun wat dit as loon gevra het; — dit weier, ek kon dit oor my hart nie kry nie.

*Portia:* Ek moet jou reguit sê, dit is erg laakbaar dat jy so maklik die geskenk kon kwytraak, die eerste van jou vrou, 'n ding wat met 'n dure eed gesteek is aan jou vinger en aan jou vlees geheg met soveel trou. Ek het my man 'n ring gegee en hom 'n eed laat sweer om dit nooit weg te gee nie; en hier staan hy, en ek sal sweer hy sou dit nooit laat vaar of van sy vinger afhaal om al die skatte van die wêreld. Waarlik, jy maak jou vrou, Gratiano, te bitter seer; was ek die een, dit sou my woedend maak.

*Bassanio:* (*Tersy*). Kon ek my linkerhand maar afsny en dan sweer, ek het die ring verloor toe ek dit moes verdedig!

*Gratiano:* Meneer Bassanio het sy ring gegee aan die regter wat daarom gevra het en dit waarlik ook verdien het; en daarop het die seun, sy klerk, wat swaar skryfwerk gedoen het, aangehou om myne; en albei wou niks anders hê as die twee ringe.

*Portia:* Man, watter ring het jy gegee? Ek hoop tog nie die een wat jy van my het.

*Bassanio:* As ek 'n fout kon aanvul met 'n leuen, dan sou ek dit ontken; maar jy sien self, my vinger is daarsonder — dit is weg.

*Portia:* Dan is jou vals hart so ontbloot van waarheid.  
Voorwaar, ek wil jou vrou nie wees nie tot ek weer die ring sien.

*Nerissa:* En ek ook joue nie tot ek weer myne sien.

*Bassanio:* My liewe Portia, as jy sou weet aan wie die ring gegee is, as jy sou weet om wie die ring gegee is, en wou begryp waarvoor die ring gegee is en hoeseer teen my sin die ring gegee is, toe net die ring alleen geskenk kon wees, dan sou die drif van jou misnoeë slink.

*Portia:* As jy bewus was van die ring se krag of helfte van haar waarde wat die ring gegee het, of van jou verpligte eer om dit te hou, dan sou jy toe nie maar die ring laat vaar het nie. Want watter mens is so onredelik, so onbeskeie om aan te dring op wat as heilig geld, indien jy dit maar wou verdedig met besielde erns? Nerissa leer my wat

die waarheid is: ek gee my kop daarvoor,  
dis een of ander vrou wat dit ontvang het.

*Bassanio:* Nee, waarlik waar, nee op my erewoord,  
geen vrou nie maar 'n dokter in die regte  
wat van die hand gewys 't my aanbod van  
drie duisend dukate, maar die ring wou hê.  
Dit het ek hom geweier en hom misnoeg  
laat gaan, ja hom wat my geliefde vriend  
aan die dood ontruk 't. Wat moes ek sê, my skone?  
Ek was gedwing om dit agterna te stuur,  
ek was gegryp deur skaamte en eergevoel;  
ek kon nie toelaat dat ondankbaarheid  
my eer bevlek nie. Edel vrou, vergeef my;  
want, by die heilige kerse van die nag,  
as jy daar was, glo ek, sou jy die ring  
my afgesmeek het sodat jy dit self  
die waardige dokter as geskenk kon gee.

*Portia:* Laat daardie dokter wegbly van my  
huis af:  
daar hy die skat het wat ek aan verknog was  
en jy gesweer het om vir my te hou,  
sal ek net so vrygewig word soos jy  
en hom geen ding gaan weier wat ek het.

*Nerissa:* (*Teen Gratiano*). En ek sy klerk ook nie.  
Wees dus versigtig  
hoe jy gedoog dat ek myself bewaak.

*Antonio:* Deur my kom ongelukkig al die rusie.

*Portia:* Meneer, geen kommer; u is nog net so  
welkom.

*Bassanio:* Portia, vergewe my gedwonge kwaad,  
en in die bysyn van die baie vriende  
sweer ek vir jou, ja by jou skone oë  
waarin ek my kan sien —

*Portia:* Julle moet goed oplet!  
Hy sien homself tweevoudig in my oë,  
een in elk oog; sweer by jou dubbelheid  
'n eed op jou krediet.

*Bassanio:* Ag, hoor my tog:  
vergewe my die fout, en by my siel  
sweer ek, nooit breek ek weer 'n eed aan jou.

*Antonio:* Ek het een maal vir hom tot baat my lyf  
gegee, wat moes vergaan't, het hy wat van  
jou man die ring ontvang het, nie gehelp nie.  
Ek sal my weer verplig, my siel as pand gee,  
hy sal nooit weer sy woord met opset breek nie.

*Portia:* Dan sal u vir hom instaan. Gee hom dit  
en sê hy moet dit beter oppas as  
die ander een.

*Antonio:* Bassanio, neem dit  
en sweer dat jy dié ring end-uit sal hou.

*Bassanio:* Sowaar, die einste wat 'k die doktor  
gegee het!

*Portia:* Van hom het ek dit; vergewe my,  
Bassanio.

*Nerissa:* Vergeef my ook, my goeie Gratiano,  
want daardie einste klein ou klerkie van  
die regter, het my dié gegee.

*Portia:* Verbaas  
staan julle almal; hier is 'n brief wat julle  
op jul gemak kan lees; dit kom van Padua,  
van Bellario. Die brief toon aan dat Portia  
die doktor was, haar klerk Nerissa, en  
Lorenzo sal getuig, ek het van hier  
vertrek dieselfde tyd as julle, en  
is pas terug en was nog nie die huis in.  
Antonio, u is welkom; hier het ek  
vir u wel beter nuus as u verwag.

Maak hierdie brief gou oop. Daar sal u lees dat drie van u koopvaarders ryk belaaie die hawe ingeseil het onverwags. Langs watter vreemde weg die brief vir my bereik het, bly verborge.

*Antonio:* Ek staan verslae.

*Bassanio:* Was jy die dokter, en ek wis dit nie?

*Gratiano:* Was jy die klerk?

*Antonio:* Edele vrou, u het my lewe gegee en lewensonderhoud, want hier lees ek, my skepe is veilig binne in die hawe.

*Portia:* En jy, Lorenzo! My klerk het ook vir jou heel goeie dinge.

*Nerissa:* Ja wel, en ek sal hom dit sonder loon besorg. Van die ryk Jood bring ek 'n heel besondere skenkingsakte vir jou en Jessica, wat jul laat erwe sy ryk besitting as hy kom te sterwe.

*Lorenzo:* My goeie dames, manna strooi julle op die pad van hongerlyers.

*Portia:* Dis amper oggend, en tog weet julle maar min van wat gebeur het. Kom ons gaan binne; daar kan jul ons uitvra, en onder eed sal ons jul haarfyn alles bedui.

*Gratiano:* Laat dit so wees. Wel, lewenslank sal ek bo alles, in vrede of gevaar, die ring van my Nerissa trou bewaar.

(*Almal uit*)

